

DIE REGULERING VAN VIRTUELE GELD IN SUID AFRIKA

deur

ROCHANE HAMMOND

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Legum

In die Fakulteit van Regsgeleerdheid,
Universiteit van Pretoria

Februarie 2021

Promotor: Professor C van Heerden

Summary

Roman law defines physical objects or bodily objects as matters that can be felt or touched.

In 2009, the virtual currency landscape was finally changed forever when the instructions for a full peer-to-peer payment network were published. This system was called "Bitcoin" and it eliminated the need for trust in a payment system.

However, there are risks associated with the use of virtual currency due to the absence of an established regulatory framework for virtual currency in South Africa and no protection is provided for consumers' assets and there is also no guarantee of a right of recourse in a case of loss due to fraud. The Intergovernmental FinTech Working Group (IFWG) Discussion Paper serves as a valuable contribution by establishing the risks posed by crypto-assets and the need to regulate them. This raises the question of how South Africa will have to proceed to develop a regulatory framework regarding crypto-asset activities.

Advances in the regulation of virtual money have been made in countries such as France and Germany and can be a valuable example for South Africa. A progressive step for the future could be for South Africa to formally adopt its own virtual currency like China, which intends to launch its own virtual currency within the next year based on its own needs.

A possible solution for South Africa would be if registration requirements were set for all crypto-asset service providers as well as asset trading platforms, those who handle in the buying and selling of crypto-assets, those who trade, and service providers who exchange fiat currency for crypto-assets and digital wallet providers. Another possible solution is to self-regulate trading platforms to prevent consumers from becoming victims of fraud and theft and other forms of crime.

Inhoudsopgawe

Verklaring van oorspronklikheid

Erkennings

Opsomming

Hoofstuk 1:

Inleading	1
1.1 Agtergrond tot die studie	1
1.2 Probleemstelling en navorsingsvraag	5
1.3 Navorsingsdoelwitte	6
1.4 Navorsingsmetodiek	7
1.5. Uitleg van skripsie	7

Hoofstuk 2: Die behoefte aan die regulering van kripto-bates

2.1 Inleiding	11
2.2 Risiko's wat verband hou met die gebruik van virtuele geldeenhede	11
2.2.1 Geldwassery en die finansiering van terrorisme	11
2.2.2 Verbruikersrisiko	12
2.3 Die behoefte aan die regulering van kripto bates in terme van die vyf klasse van kripto-bates in terme van die IFWG se Besprekingsdokument	13

(i) Die aankoop, koop en of verkoop van kripto-bates deur verbruikers en verbruikers regspersone	13
a) Geldwassery en finansiering van terrorisme	13
b) Die valutabeheerrisiko	15
c) Die markgedragsrisiko	17
d) Operasionele- en kuberseiligheids risiko	17
(ii) Gebruik van kripto-bates om vir goedere en dienste te betaal	18
a) Die risiko van parallelle, ongereguleerde en gefragmenteerde betalingstelsels	18
b) Die risiko van waargenome regulatoriese aanvaarding	19
c) Operasionele risiko en 'n gebrek aan verbruikersbeskerming deur kripto-bate betalings	20
iii) “Initial coin offerings” (ICO’s):	20
a) Hoogs spekulatiewe en beperkte uitreegeleenthede	20
b) Die groot risiko vir mislukking	21
c) Die risiko dat onduidelike regsraamwerke en ICO's geneig is tot aktiwiteite van bedrog	21
d) Die gebrek aan 'n fiskale raamwerk	22
e) Kuberseiligheids risiko's	23
f) Risiko's wat verband hou met onvolledige en / of onakkurate openbaarmaking	23
(iv) Kripto-batefondse en afgeleide instrumente (“derivatives”)	24
a) Geen gedefinieerde wettige raamwerk vir die gebruik van	

kripto-bates nie	24
b) Die risiko van wisselvalligheid van kripto-bates	24
c) Onstelselmatige risiko	24
d) Ongekorreleerde prysbewegings	25
e) Likiditeitsrisiko	25
f) Verhoogde risiko as gevolg van wisselvalligheid	25
g) Moeilikhed om risikovlakke te bepaal	26
(v) Steundienste vir kripto-bates	26
a) Kuberrisiko's	26
b) Omgewingsrisiko	26
2.4 Gevolgtrekking	27

Hoofstuk 3: Die internasional tendense tenopsigte van die regulering van kripto-bates

3.1 Inleiding	31
3.2 Voorbeelde van buitelandse jurisdiksies	
3.2.1 Duitsland	31
3.2.3 Japan	33
3.2.4 China	34
3.2.5 Suid-Korea	36
3.2.6 Nederland	36
3.2.7 Frankryk	38
3.3 Gevolgtrekking	40

Hoofstuk 4: Die regulering van krypto bates in Suid Afrika

4.	Definiëring en klassifisering van krypto-bates	42
4.1	Inleiding	13
4.2	Algehele beleidsposisie vir krypto-bates in Suid-Afrika in terme van die vyf klasse van krypto-bates in terme van die IFWG se Besprekingsdokument	45
4.3.	Beleidsposisie en aanbeveling vir elke geval van gebruik van krypto-bates	46
4.3.1	Die aankoop, koop en of verkoop van krypto-bates deur verbruikers en regspersone	46
	(a) Beleidsposisie	46
	(b) Aanbevelings deur die IFWG	46
4.3.2	Die gebruik van krypto-bates om vir goedere en dienste (betalings) te betaal	48
	(a) Beleidsposisie	48
	(b) Aanbevelings deur die IFWG	49
4.3.3	“ <i>Initial coin offerings</i> ” (ICO's)	49
	(a) Beleidsposisie	49
	(b) Aanbevelings deur die IFWG	50
4.3.4	Krypto-batesfondse en afgeleide instrumente (“ <i>derivatives</i> ”)	51
	(a) Beleidsposisie	51
	(b) Aanbevelings deur die IFWG	51

4.3.5	Kripto-bate markondersteunings dienste	52
	(a) Beleidsposisie	52
	(b) Aanbevelings deur die IFWG	53
4.4	Gevolgtrekking	54
 Hoofstuk 5: Moontlike oplossings en aanbevelings		
5.1	Inleiding	56
5.2	Algehele aanbevelings	56
5.3	Gevolgtrekking	59
	Bibliografie	61

Verklaring van Oorspronklikheid

1. Ek verstaan wat plagiaat is en is bewus van die Universiteit se beleid in hierdie verband.
2. Ek verklaar dat hierdie proefskrif my eie, oorspronklike werk is. Indien ander mense se werk gebruik is (hetsy uit 'n gedrukte bron, die Internet of enige ander bron), is dit behoorlik erken en is daarna verwys in ooreenstemming met die departementele vereistes.
3. Ek het nie werk wat voorheen deur 'n ander student of enige ander persoon geskep is, gebruik om dit as my eie in te dien nie. 4. Ek het nie en sal nie toelaat dat enigiemand my werk kopieer met die bedoeling om dit as sy/haar eie werk aan te bied nie.

Handtekening.....

Erkennings

Pappa, ek lief jou vir ewig (10).

Dankie aan my vrou, ma en aan my sussie en ook aan Zizi.

Prof. van Heerden, baie dankie vir alles wat Prof vir my gedoen en beteken het. Dankie veral vir die ondersteuning, sonder Prof sou dit nie moontlik gewees het nie.

Opsomming

Die Romeinse reg omskryf fisiese objekte of liggaamlike objekte as sake waaraan geraak of gevat kan word.

In 2009 is die virtuele geldeenheidslandskap uiteindelik vir altyd verander toe die instruksies vir 'n volledige eweknie-netwerk ("*peer-to-peer*") betaalnetwerk gepubliseer was. Hierdie stelsel was "Bitcoin" genoem en dit het die behoefte aan vertroue in 'n betalingsstelsel uitgeskakel.

Daar is egter risiko's verbonde aan die gebruik van virtuele geld as gevolg van die afwesigheid van 'n gevestigde regulatoriese raamwerk vir virtuele geld in Suid-Afrika en daar word geen beskerming vir verbruikers se bates gebied nie en daar is ook geen waarborg vir 'n verhaalsreg in 'n geval van verlies weens bedrog nie. Die Interregerings Fintech Werkgroep ("*Intergovernmental FinTech Working Group*" ("IFWG")) se Besprekingsdokument dien as 'n waardevolle insetting ten aansien van risiko's wat krypto-bates inhou en die behoefte aan die regulering daarvan. Dit laat die vraag ontstaan hoe Suid-Afrika te werk sal moet gaan om die behoefte aan 'n regulerende raamwerk te ontwikkel ten opsigte van krypto-bate-aktiwiteite.

Vordering ten aansien van die regulering van virtuele geld wat gemaak is in lande soos Frankryk en Duitsland kan 'n waardevolle voorbeeld vir Suid Afrika wees. 'n Progressiewe stap vir toekoms kan wees dat Suid-Afrika formeel sy eie virtuele geldeenheid aanneem soos China wat van plan is om binne die volgende jaar hulle eie virtuele geldeenheid bekend te stel gebaseer op China se eie behoeftes.

'n Moontlike oplossing vir Suid-Afrika sal wees as daar registrasievereistes aan alle krypto-bates diensverskaffers gestel word sowel as batehandelplatforms, diegene wat die koop en verkoop van krypto-bates behartig, diegene wat handel dryf en diensverskaffers wat *fiat*-geldeenheid ruil na krypto-bates en digitale beursieverskaffers. 'n Ander moontlike oplossing is die selfregulering van verhandelings platforms om te verhoed dat verbruikers nie slagoffers van bedrog en diefstal en ander vorms van misdaad is nie.

Hoofstuk 1:

Inleiding

1.1 Agtergrond tot die studie

Die Romeinse reg omskryf fisiese objekte of liggaamlike objekte as sake waaraan geraak of gevat kan word.¹ Van der Merwe dui aan dat die oortuiging van die samelewing bepaal of 'n saak liggaamlik of onliggaamlik is, eerder as wat deur wetenskap bewys kan word.² Hahlo en Kahn definieer *res corporalis* as sake wat in terme van geld geassesseer kan word en waarop 'n kontantwaarde geplaas kan word.³ Banknote en muntstukke word daarom as liggaamlike sake geklassifiseer.⁴ Eienaarskap in geld word verkry deur *traditio* (ook bekend as lewering) en *commixtio* (ook bekend as vermenging).⁵ Soos uitgewys deur Fox, is blote lewering onvoldoende om eiendomsreg oor te dra, omdat die bedoeling om regte oor te dra teenwoordig moet wees.⁶ Die lewering van eiendomsreg in geld geskied onafhanklik van die bestaan van 'n geldige onderliggende kontrak⁷ en is belangrik ten opsigte van beskerming teenoor die oordraer.⁸ Die oordraer sal 'n persoonlike aksie hê vir die teruggawe van 'n

¹ Fox (2008) 35 - 36; Silberberg, Schoeman, Badenhorst, Pienaar & Mostert (2006) 14 - 15. Gemenerereg outeurs soos Grotius en Van Leeuwen het *res corporalis* beskou as sake wat waargeneem kan word deur eksterne sintuie; Van Jaarsveld "Aspects of money laundering in South African Law" LLD Proefskrif Universiteit van Suid Afrika (2011) 65.

² Van der Merwe (1989) 24; Van Jaarsveld "Aspects of money laundering in South African Law" LLD Proefskrif Universiteit van Suid Afrika (2011) 65.

³ Hahlo & Kahn (1960) 571; Van Jaarsveld "Aspects of money laundering in South African Law" LLD Proefskrif Universiteit van Suid Afrika (2011) 65.

⁴ Loubser (1978) 56; Van Jaarsveld "Aspects of money laundering in South African Law" LLD Proefskrif Universiteit van Suid Afrika (2011) 65.

⁵ Van Jaarsveld "Aspects of money laundering in South African Law" LLD Proefskrif Universiteit van Suid Afrika (2011) 66.

⁶ Fox (2008) 83 - 85; Carey Miller (1986) 120 - 123; Silberberg, Schoeman, Badenhorst, Pienaar & Mostert (2006) 80; Van Jaarsveld "Aspects of money laundering in South African Law" LLD Proefskrif Universiteit van Suid Afrika (2011) 66.

⁷ Van der Merwe (1989) 308 - 310; Van Jaarsveld "Aspects of money laundering in South African Law" LLD Proefskrif Universiteit van Suid Afrika (2011) 66.

⁸ Van Jaarsveld "Aspects of money laundering in South African Law" LLD Proefskrif Universiteit van Suid Afrika (2011) 66.

gelewerde saak as eienaarskap ongeldig aan 'n ander oorgedra is.⁹ Geld wat gemeng word (“*commixtio*”) met ander fondse in 'n bankrekening is die uitsondering op hierdie reël.¹⁰

Verskeie menings bestaan oor watter kenmerke toegeskryf moet word aan 'n kommoditeit om as geld beskou te word.¹¹ Alhoewel die materiële samestelling van 'n kommoditeit nie relevant is nie moet dit volgens Van Jaarsveld nietemin verhandelbaar wees, bestem wees vir oordrag en nie opgebruik kan word nie.¹² Volgens Spruyt kan die aard van geld as “weselik geheimsinnig” beskryf word, omdat die woord nie 'n vaste en universele betekenis het nie.¹³ Daar is gevolglik geen omvattende definisie van die term in die Suid-Afrikaanse reg nie.¹⁴ Die definisies wat in die wetlike konteks gebruik word is gewoonlik verouderd en verwys na roerend en onroerende sake.¹⁵

Die volgende definisie van geld is as vertrekpunt in die Suid-Afrikaanse reg aanvaar en word *verbatim* aangehaal:¹⁶

"Money is that which passes freely from hand to hand throughout the community in final discharge of debts and full payment for commodities, being accepted equally without reference to the character or credit of the person who offers it and without the intention of the person who receives it to consume it or apply it to any other use than in turn to tender it to others in discharge of debts or payment for commodities."

Volgens Spruyt word die bogenoemde definisie as 'n toenemend irrelevante verwysingspunt beskou, omdat ons onvermydelik na 'n digitale konseptualisering van

⁹ Silberberg, Schoeman, Badenhorst, Pienaar & Mostert (2006) 83; Van Jaarsveld “Aspects of money laundering in South African Law” LLD Proefskrif Universiteit van Suid Afrika (2011) 66.

¹⁰ Van Jaarsveld “Aspects of money laundering in South African Law” LLD Proefskrif Universiteit van Suid Afrika (2011) 66.

¹¹ Mann (1992) 8 - 13; Van Jaarsveld “Aspects of money laundering in South African Law” LLD Proefskrif Universiteit van Suid Afrika (2011) 65.

¹² Van Jaarsveld “Aspects of money laundering in South African Law” LLD Proefskrif Universiteit van Suid Afrika (2011) 65.

¹³ Felmington & Coleman (1995) 7; Spruyt (2018) *TSAR* 711.

¹⁴ Loubser & Swart (1999) *Stell LR* 354 - 356; Spruyt (2018) *TSAR* 712.

¹⁵ Spruyt (2018) *TSAR* 712.

¹⁶ *Moss v Hancock* 1899 (2) QB 111 (QBD) 116; Spruyt (2018) *TSAR* 712.

geld beweeg.¹⁷ Spruyt is van mening dat die konsepte van “geld” en “betaling” voortdurend uitgebrei word in die lig van tegnologiese ontwikkeling¹⁸ en dat hierdie konsepte mettertyd sal verander om te reflekteer wat mense bereid is om as sodanige konsepte te aanvaar¹⁹ en daarom is ook die aanvaarbaarheid van 'n geldeenheid onderhewig aan verandering.²⁰ Virtuele geldeenhede moet daarom as 'n natuurlike resultaat beskou word wat gebaseer is op die ontwikkeling van die huidige digitale era.²¹ Volgens Spruyt moet die definisie van “geld” nie net na wettige tender of geldeenheid verwys nie, maar ook na die ekonomiese funksie wat geld verrig.²²

Spruyt wys voorts uit dat die ontwikkeling van die internet-era verskillende digitale betaalstelsels en oplossings meegebring het.²³ Die bekendstelling van e-handel (“*e-commerce*”) het die ontwikkeling van nuwe maniere om aanlyn te handel wat veilig, vinnig en veilig was, vereis.²⁴ Drie van die primêre innovasies was Internet gebaseerde betaalstelsels, e-geld (“*e-money*”) en mobiele geld (“*mobile money*”).²⁵ Pogings om 'n virtuele geldeenheid te skep het reeds in die vorige eeu sy verskyning gemaak, naamlik e-goud (“*e-gold*”) in 1996.²⁶ Alhoewel die geldeenheid wydverspreide aanneming van gebruikers en handelaars geniet het, het dit ook die aandag van misdadigers getrek en reguleringsaksies het daartoe gelei dat die betrokke stelsel in 2008 tot 'n einde gekom het.²⁷

Spruyt noem verder dat verskillende virtuele gemeenskappe (soos “*Facebook*”) of virtuele wêreldes (soos “*Second Life*” en “*World of Warcraft*”) oor die jare ook hulle eie digitale geldeenhede ontwikkel het vir die uitruil van goedere en dienste binne die

¹⁷ Spruyt (2018) *TSAR* 712.

¹⁸ Akindemowo (1998) *UNSW LJ* 466; Spruyt (2018) *TSAR* 712.

¹⁹ Spruyt (2018) *TSAR* 712.

²⁰ *Ibid.*

²¹ Spruyt (2018) *TSAR* 712.

²² Loubser & Swart (1999) *Stell LR* 354 – 356; Spruyt (2018) *TSAR* 712.

²³ Spruyt (2018) *TSAR* 708.

²⁴ *Ibid.*

²⁵ *Ibid.*

²⁶ Spruyt (2018) *TSAR* 709.

²⁷ *Ibid.*

aanlyngemeenskap.²⁸ Hierdie geldeenhede is in hulle eie rekeneenhede gedenomineer en kon daarom slegs binne hulle spesifieke gemeenskappe gebruik word en nie vir *fiat*-geldeenhede omgeruil word nie.²⁹ Klinkende munt of papiergeld word as *fiat*-geldeenheid beskou en is 'n geldeenheid wat 'n regering as wettige betaalmiddel verklaar het.³⁰

In 2009 is die virtuele geldeenheidslandskap uiteindelik vir altyd verander.³¹ 'n Onbekende individu of individue wat die skuilnaam “Satoshi Nakamoto” gebruik, het die instruksies vir 'n volledige eweknie netwerk (“*peer-to-peer*”) betaalnetwerk gepubliseer waar gebruikers virtuele geldeenhede kon oordra aan mekaar sonder die inmenging of deelname van enige regering, finansiële sektor tussenganger of derdeparty administrateur.³² Hierdie stelsel is “Bitcoin” genoem en dit het die behoefte aan vertroue in 'n betalingsstelsel uitgeskakel.³³ In plaas daarvan het dit gevorderde kriptografie toegepas wat nou bekend staan as “*blockchain*”-tegnologie.³⁴ Kriptografie kan in breë terme gedefinieer word as die wetenskap van geheime kommunikasie en die geïmplementeerde kriptografietegnologie verseker pseudo- of volle anonimiteit.³⁵ In beginsel waarborg die kriptografie die veiligheid van die transaksies en die deelnemers, onafhanklikheid van bedrywighede van 'n sentrale owerheid en beskerming teen dubbele besteding.³⁶ “*Blockchain*”-tegnologie is 'n openbare databasis en skep en hou onomkeerbare, permanente rekords van transaksies tussen twee of meer partye.³⁷ Die tegnologie verwys na elke transaksiedata as 'n “blok” en indien rekords byvoeg word,

²⁸ *Ibid.*

²⁹ *Ibid.*

³⁰ FATF Report “Virtual Currencies: Key Definitions and Potential AML/CFT Risks” aanlyn beskikbaar op <https://www.fatf-gafi.org/documents/documents/virtual-currency-definitions-aml-cft-risk.html> [laaste besoek op 22 Januarie 2021].

³¹ Spruyt (2018) *TSAR* 709.

³² *Ibid.*

³³ *Ibid.*

³⁴ *Ibid.*

³⁵ Joshi & Karkade (2015) *JCSMC* 203; Reddy & Lawack (2019) *SA Merc LJ* 20.

³⁶ *Ibid.*

³⁷ Intepat “Blockchain-tegnologie en intellektuele eiendom” (2020), aanlyn beskikbaar op <https://www.intepat.com/af/blog/intellectual-property/blockchain-technology-and-intellectual-property/>, [laaste besoek op 21 September 2020].

word die tydstempel van die tegnologie gekoppel en die nuwe blok data gekoppel aan die vorige “blok” wat 'n rekordketting skep.³⁸ “*Blockchain*” word omskryf as 'n onveranderlike grootboek van alle transaksies wat deur alle deelnemers in 'n netwerk gedeel word.³⁹ Die transaksies is anoniem en terselfdertyd ten volle deursigtig.⁴⁰ Die wisselvalligheid van virtuele geld is 'n egter korttermynrisiko, omdat die waarde daarvan gekoppel word aan verklarings wat deur regerings van verskillende lande bekend gestel word. Beleggings in virtuele geld word egter gesien as 'n medium en lang termyn risiko.⁴¹ Bunjaku, Gjorgieva-Trajkovska en Miteva-Kacarski wys uit dat virtuele geld gebruik kan word vir aktiwiteite wat verband hou met geldwassery, finansiering van terrorisme en noem verder dat daar 'n gebrek aan 'n sentrale uitreiker is wat problematies is.⁴²

1.2 Probleemstelling en navorsingsvraag

Vanuit 'n Suid-Afrikaanse perspektief is die risiko's verbonde aan die gebruik van virtuele geld vir die eerste keer in die Suid-Afrikaanse Reserwebank se Posisiedokument (“*Position Paper*”) en die kennisgewing uitgereik deur die Nasionale Tesourie in 2014 uitgelig.⁴³ Hierdie risiko's sluit die gebruik van virtuele geld as 'n instrument en teiken vir tradisionele finansiële misdade en kubermisdade in.⁴⁴ Klem is veral geplaas op geldwassery, beleggingsbedrog, diefstal deur middel van teiken-aanvalle op virtuele geld uitruilings en die verkoop van onwettige produkte en dienste.⁴⁵

³⁸ *Ibid*

³⁹ Deloitte “Blockchain Risk Management” (2017), aanlyn beskikbaar op <https://www2.deloitte.com/content/dam/Deloitte/us/Documents/financial-services/us-fsi-blockchain-risk-management.pdf>, [laaste besoek op 21 September 2020]; Spruyt (2018) *TSAR* 709.

⁴⁰ Bunjaku, Gjorgieva-Trajkovska, Miteva-Kacarski (2017) *Journal of Economics* 38.

⁴¹ *Ibid*.

⁴² *Ibid*.

⁴³ Suid Afrikaanse Reserwe Bank “Position Paper on Virtual Currencies” (2014), aanlyn beskikbaar op [https://www.resbank.co.za/RegulationAndSupervision/NationalPaymentSystem\(NPS\)/Legal/Pages/PositionPapers.aspx](https://www.resbank.co.za/RegulationAndSupervision/NationalPaymentSystem(NPS)/Legal/Pages/PositionPapers.aspx) [laaste besoek op 10 Februarie 2020].

⁴⁴ Reddy & Lawack (2019) *SA Merc LJ* 20.

⁴⁵ *Ibid*.

Daarbenewens, en meer onlangs, word daar in die Reserwebank se Besprekingsdokument (“*Consultation Paper*”) uitgewys dat beskerming van verbruikers, terreurfinansiering, belastingontduiking en markintegriteit van die opkomende risiko's verbonde aan virtuele geld sal wees.⁴⁶

In die afwesigheid van 'n gevestigde regulatoriese raamwerk vir virtuele geld in Suid-Afrika word daar geen beskerming vir verbruikers se bates gebied nie⁴⁷ en is daar ook geen waarborg vir 'n verhaalsreg in 'n geval van verlies weens bedrog nie.⁴⁸ Dit laat die vraag ontstaan hoe Suid-Afrika te werk sal moet gaan om die behoefte aan 'n regulerende raamwerk te ontwikkel ten opsigte van kriptobate-aktiwiteite. Kripto-bates is 'n breë term wat alle bates wat op 'n gedeelde elektroniese lêer (“*distributed ledgers*”) gestoor word insluit. Die term kripto-bates sluit ook alle vorms van virtuele geldeenhede (wat 'n vorm van kripto-geldeenheid is) sowel as nie virtuele geldeenheid in.

1.3 Navorsingsdoelwitte

In hierdie skripsie sal die volgende navorsingsvrae ondersoek word:

- (a) Tot water mate daar 'n behoefte is aan die regulering van kripto-bates;
- (b) Die belangrikheid om internasionale tendense ten opsigte van die regulering van kripto-bates te oorweeg;
- (c) Hoe en waarom regulering van kripto-bates in Suid Afrika toegepas sal word.

⁴⁶ Suid Afrikaanse Reserwe Bank “Consultation Paper for Policy Proposals for Crypto Assets” (2019), aanlyn beskikbaar op <https://www.resbank.co.za/Publications/Detail-Item-View/Pages/Publications.aspx?sarbweb=3b6aa07d-92ab-441f-b7bf-bb7dfb1bedb4&sarblast=21b5222e-7125-4e55-bb65-56fd3333371e&sarbitem=9037> [laaste besoek op 10 Februarie 2020].

⁴⁷ Suid Afrikaanse Reserwe Bank “Position Paper on Virtual Currencies” (2014), aanlyn beskikbaar op [https://www.resbank.co.za/RegulationAndSupervision/NationalPaymentSystem\(NPS\)/Legal/Pages/PositionPapers.aspx](https://www.resbank.co.za/RegulationAndSupervision/NationalPaymentSystem(NPS)/Legal/Pages/PositionPapers.aspx) [laaste besoek op 10 Februarie 2020].

⁴⁸ Reddy & Lawack (2019) *SA Merc LJ* 20.

1.4 Navorsingsmetodiek

Hierdie skripsie is 'n teoretiese analise met verwysing na regspraak, menings van skrywers en beleids- en konsultasie dokumente. Kripto-bates word tans nie deur enige wetgewing in Suid-Afrika gereguleer nie.

1.5. Uitleg van skripsie

Hoofstuk een verskaf die agtergrond tot die studie, die navorsingsvraag en navorsingsdoelwitte asook die navorsingsmetodiek en uiteensetting van die hoofstukke waaruit die skripsie bestaan.

In hoofstuk twee word die risiko's wat verband hou met die gebruik van virtuele geldeenhede en die behoefte aan die regulering van kripto-bates in terme van die vyf klasse van kripto-bates in terme van die Interregerings Finansiële Tegnologie Werkgroep ("*Intergovernmental FinTech Working Group*" ("IFWG")) se Besprekingsdokument uiteengesit.

Hoofstuk drie bespreek die internasionale tendense ten opsigte van die regulering van kripto-bates deur te kyk na voorbeelde in buitelandse jurisdiksies soos Duitsland, Japan, China, Suid-Korea, Nederland en Frankryk.

In hoofstuk vier word ondersoek ingestel na die regulering van kripto-bates in Suid-Afrika deur die definiëring en klassifisering van kripto-bates en die algehele beleidsposisie vir kripto-bates in Suid-Afrika in terme van die vyf klasse van kripto-bates in die IFWG se Besprekingsdokument te oorweeg en daarna word die beleidsposisie en aanbeveling vir elke geval van gebruik van kripto-bates uiteengesit.

In hoofstuk 5 word moonlike oplossings en aanbevelings gemaak vir die regulering van krypto-bates in Suid Afrika.

Hoofstuk 2:

Die behoefte aan die regulering van kripto-bates

2.1 Inleiding

Die Reserwebank het in Desember 2014 'n Posisiedokument ("*Position Paper*") oor virtuele geldeenhede gepubliseer en volgens hierdie dokument mag slegs die Reserwebank wettige tender (banknote en muntstukke) in die Republiek van Suid-Afrika uitreik wat wettiglik aangebied kan word as betaling teenoor 'n verpligting en daarvolgens deur 'n skuldeiser aanvaar moet word.¹ Daarom word gedentraliseerde virtuele geldeenhede nie as 'n wettige betaalmiddel in die Republiek van Suid-Afrika aanvaar nie en kan dit nie gebruik word as 'n betaalmiddel vir die nakoming van enige verpligting nie.²

Soos uitgewys deur Reddy en Lawack is die reguleringsstandaarde wat van toepassing is op wettige tender daarom nie van toepassing op virtuele geldeenhede nie.³ Dit beteken dat virtuele geld huidiglik ongereguleerd is in Suid-Afrika en so vrygestel word van wetgewing wat van toepassing is op verbruikersbeskerming.⁴ Persone wat met virtuele geldeenhede handel doen dit dus op eie risiko en met geen beskerming vanaf die Reserwebank nie.⁵ Dit beteken dus ook dat geen persoon in Suid-Afrika verplig kan word om betaling van 'n skuld of aankoop by wyse van 'n virtuele geldeenhede te aanvaar nie en dat persone wat wel sodanige betaling aanvaar en probleme ervaar, nie by die Reserwebank kan gaan aanklop om hulp nie.

¹ Suid Afrikaanse Reserwe Bank "Position Paper on Virtual Currencies" (2014), aanlyn beskikbaar op [https://www.resbank.co.za/RegulationAndSupervision/NationalPaymentSystem\(NPS\)/Legal/Pages/PositionPapers.aspx](https://www.resbank.co.za/RegulationAndSupervision/NationalPaymentSystem(NPS)/Legal/Pages/PositionPapers.aspx) [laaste besoek op 10 Februarie 2020]

² *Ibid.*

³ Reddy & Lawack (2019) *SA Merc LJ* 18.

⁴ *Ibid.*

⁵ *Ibid.*

Alhoewel virtuele geldeenhede konseptuele ooreenkomste met elektroniese geld deel as gevolg van hulle digitale vorm, wys Reddy en Lawack verder uit dat dit egter nie dieselfde is as elektroniese geld nie.⁶

Elektroniese geld word soos volg gedefinieer en die definisie word *verbatim* aangehaal:⁷

“Monetary value represented by a claim on the issuer. This money is stored electronically and issued on receipt of funds, is generally accepted as a means of payment by persons other than the issuer and is redeemable for physical cash or a deposit into a bank account on demand.”

In teenstelling met hierdie definisie van elektroniese geld word virtuele geldeenhede nie uitgereik na ontvangs van fondse nie en daar is geen waarborg dat dit vir fisiese kontant afgelos kan word of deur 'n derde party aanvaar kan word nie.⁸ Afdeling 7 van die Reserwebank se Posisiedokument oor Elektroniese Geld (*“Position Paper on Electronic Money”*) waarin die voormelde definisie voorkom bepaal dat geldprodukte slegs wettig kan funksioneer indien dit deur 'n bank aangebied word of indien die handelaar of onderneming wat die geldprodukte aanbied 'n vennootskapsooreenkoms met 'n bank aangaan.⁹ Elektroniese geld word daarom nie in die Bankwet aangetref nie.

Virtuele geld kwalifiseer nie as geldeenheid, wettige tender, elektroniese geld of effekte nie.¹⁰ Die Reserwebank het in die Besprekingsdokument (*“Consultation Paper”*) wat in 2019 uitgereik is die term "kripto-bates" aangeneem wat soos volg gedefinieer word:¹¹

⁶ *Ibid.*

⁷ Suid Afrikaanse Reserwe Bank “Position Paper on Electronic Money” (2009), aanlyn beskikbaar op [https://www.resbank.co.za/RegulationAndSupervision/NationalPaymentSystem\(NPS\)/Legal/Documents/Position%20Paper/PP2009_01.pdf](https://www.resbank.co.za/RegulationAndSupervision/NationalPaymentSystem(NPS)/Legal/Documents/Position%20Paper/PP2009_01.pdf) [laaste besoek op 5 October 2020].

⁸ Reddy & Lawack (2019) *SA Merc LJ* 18.

⁹ Suid Afrikaanse Reserwe Bank “Position Paper on Electronic Money” (2009), aanlyn beskikbaar op

[https://www.resbank.co.za/RegulationAndSupervision/NationalPaymentSystem\(NPS\)/Legal/Documents/Position%20Paper/PP2009_01.pdf](https://www.resbank.co.za/RegulationAndSupervision/NationalPaymentSystem(NPS)/Legal/Documents/Position%20Paper/PP2009_01.pdf) [laaste besoek op 5 October 2020].

¹⁰ Reddy & Lawack (2019) *SA Merc LJ* 18.

¹¹ Suid Afrikaanse Reserwe Bank “Consultation Paper for Policy Proposals for Crypto Assets” (2019), aanlyn beskikbaar op <https://www.resbank.co.za/Publications/Detail-Item-View/Pages/Publications.aspx?sarbweb=3b6aa07d-92ab-441f-b7bf->

"Crypto assets are digital representations or tokens that are accessed, verified, transacted, and traded electronically by a community of users. Crypto assets are issued electronically by decentralised entities and have no legal tender status, and consequently are not considered as electronic money either. It therefore does not have statutory compensation arrangements. Crypto assets have the ability to be used for payments (exchange of such value) and for investment purposes by crypto asset users. Crypto assets have the ability to function as a medium of exchange, and/or unit of account and/or store of value within a community of crypto asset users."

2.2 Risiko's wat verband hou met die gebruik van virtuele geldeenhede

Die Suid-afrikaanse Nasionale Tesourie wys uit dat elke ekonomiese aktiwiteit te doen het met finansies en die potensiaal het om kriminele aktiwiteite te lok. Die finansiële stelsel het ontwikkel en tegnologie word bevorder en as gevolg hiervan word finansiële misdade meer gesofistikeerd. Misdadigers het gewoonlik meer hulpbronne om toegang tot stelsels op onwettige wyses te verkry en as gevolg hiervan moet die kapasiteit van die staat verhoog word om hierdie misdade te bekamp.¹²

Daar is verskeie risiko's wat inherent verweef is met die gebruik en aanvaarding van kriptobates, maar vir die doel van die studie sal gefokus word op die risiko's ten opsigte van geldwassery en die finansiering van terrorisme asook die beskerming van verbruikers.

2.2.1 Geldwassery en die finansiering van terrorisme

Ajello merk op dat geldwassery 'n wêreldwye bekommernis is en daarom kan daar nie genoeg beklemtoon word dat derde partye soos finansiële instellings wat die uitruil van betalings, sekuriteite of afgeleide transaksies vergemaklik van kardinale belang is in die werk wat hulle doen nie. Hierdie instellings moet verdagte aktiwiteite aanmeld en verseker dat oordragte wettig is en sodoende tree die instelling op as 'n voorsorg teen geldwassery deurdat die vermoë van misdadigers om geld oor te dra

bb7dfb1bedb4&sarblis=21b5222e-7125-4e55-bb65-56fd3333371e&sarbitem=9037 [laaste besoek op 10 Februarie 2020].

¹² National Treasury Policy Document "A Safer Financial Sector to Serve South Africa Better" aanlynbeskikbaar op <http://www.treasury.gov.za/twinpeaks/20131211%20-%20Item%202%20A%20safer%20financial%20sector%20to%20serve%20South%20Africa%20better.pdf>, [laaste besoek op 23 Januarie 2021].

sonder enige ondersoek beperk word.¹³ Volgens die Reserwebank sal die markte en ander finansiële en ekonomiese faktore voortdurend gemonitor en ontleed word om sodoende opkomende sistemiese risiko's te identifiseer en te mitigeer en dit is daarom belangrik dat 'n gepaste raamwerk in plek gestel word.¹⁴

2.2.2 Verbruikersrisiko

Die Reserwebank het verskeie risiko's vir verbruikers weens die gebrek aan regulering geïdentifiseer.¹⁵ Afgesien van die risiko's wat deur die Reserwebank geïdentifiseer is bestaan daar ook die risiko's dat daar min tot geen deursigtigheidsvereistes van toepassing op kripto-bates is nie.¹⁶ Verbruikers het soms 'n beperkte kennis van kripto-bates en as gevolg van die gebrek aan deursigtigheid van kripto-bates kan dit daartoe lei dat verbruikers oningeligte besluite maak.¹⁷

Hierdie hoofstuk fokus op die behoefte aan die regulering, vanuit 'n Suid-Afrikaanse perspektief, van die vyf klasse van kripto-bates soos uitgewys is deur die Interregerings Finansiële Tegnologie Werkgroep ("*Intergovernmental FinTech Working Group*") ("IFWG").¹⁸ Die IFWG werk saam as reguleerders van die

¹³ Ajello (2015) *BLR* 446.

¹⁴ South African Reserve Bank National Payment System Department "Position Paper on virtual currencies", aanlyn beskikbaar op [https://www.resbank.co.za/RegulationAndSupervision/NationalPaymentSystem\(NPS\)/Legal/Documents/Position%20Paper/Virtual%20Currencies%20Position%20Paper%20%20Final_02of2014.pdf](https://www.resbank.co.za/RegulationAndSupervision/NationalPaymentSystem(NPS)/Legal/Documents/Position%20Paper/Virtual%20Currencies%20Position%20Paper%20%20Final_02of2014.pdf), [laaste besoek 23 Januarie 2021].

¹⁵ South African Reserve Bank National Payment System Department "Position Paper on virtual currencies", aanlyn beskikbaar op [https://www.resbank.co.za/RegulationAndSupervision/NationalPaymentSystem\(NPS\)/Legal/Documents/Position%20Paper/Virtual%20Currencies%20Position%20Paper%20%20Final_02of2014.pdf](https://www.resbank.co.za/RegulationAndSupervision/NationalPaymentSystem(NPS)/Legal/Documents/Position%20Paper/Virtual%20Currencies%20Position%20Paper%20%20Final_02of2014.pdf), [laaste besoek op 23 Januarie 2021]; verwys hieronder na 2.2(1)(d) vir voorbeelde van tegnologiese foute of diefstal.

¹⁶ European Central Bank "Annual Report 2015", aanlyn beskikbaar op <https://www.ecb.europa.eu/pub/pdf/annrep/ar2015en.pdf>, [laaste besoek op 23 Januarie 2021].

¹⁷ Mothokoa K *Regulating crypto-currencies in South Africa: The need for an effective legal framework to mitigate the associated risks* LLM Skripesie University van Pretoria 2017 21. Kyk ook na die South African Reserve Bank National Payment System Department "Position Paper on virtual currencies", aanlyn beskikbaar op [https://www.resbank.co.za/RegulationAndSupervision/NationalPaymentSystem\(NPS\)/Legal/Documents/Position%20Paper/Virtual%20Currencies%20Position%20Paper%20%20Final_02of2014.pdf](https://www.resbank.co.za/RegulationAndSupervision/NationalPaymentSystem(NPS)/Legal/Documents/Position%20Paper/Virtual%20Currencies%20Position%20Paper%20%20Final_02of2014.pdf), [laaste besoek op 23 Januarie 2021].

¹⁸ Interregerings Finansiële Tegnologie Werkgroep "Position Paper on Crypto Assets" 2020, beskikbaar op https://www.ifwg.co.za/wp-content/uploads/IFWG_CAR_WG-

finansiële sektor in Suid-Afrika om die reguleringslandskap makliker verstaanbaar te maak, ruimte te bied vir veilige eksperimentering en innovasie te bevorder.¹⁹ Die innoverend groep bestaan uit die deelname van die Nasionale Tesourie, die Finansiële Intelligensiesentrum, die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor, die Nasionale Kredietreguleerder, die Reserwebank en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens.²⁰

Daar word verdere oorweging hieraan gegee deur die spesifieke gevalle wat op die klasse kripto-bates van toepassing is te bespreek. Die hoofstuk word ten slotte saamgevat en die algemene risiko's verbonde aan kripto-bates word oorweeg.

2.3 Die behoefte aan die regulering van kripto-bates in terme van die vyf klasse van kripto-bates in terme van die IFWG se Besprekingsdokument

Die IFWG se Besprekingsdokument fokus op vyf klasse van kripto-bates, naamlik:²¹

- i. die aankoop, koop en of verkoop van kripto-bates deur verbruikers en regspersone;
- ii. die gebruik van kripto-bates om vir goedere en dienste (betalings) te betaal;
- iii. *“initial coin offerings”* (“ICO's”);
- iv. verskilkontrakte of afgeleide instrumente (*“derivatives”*); en
- v. kripto-bate markondersteuningsdienste.

(i) Die aankoop, koop en of verkoop van kripto-bates deur verbruikers en regspersone

a) Geldwassery en finansiering van terrorisme:

Geldwassery behels aktiwiteite wat daarop gemik is om voordele te verberg wat op kriminele wyses verkry is sodat dit voorkom asof dit wettiglik bekom is. Geldwassery

Position_Paper_on_Crypto_Assets.pdf [laaste besoek op 19 April 2020) (hierna verwys as die IFWG “Position Paper” (2020)).

¹⁹ IFWG “Position Paper”.

²⁰ *Ibid.*

²¹ IFWG “Position Paper” (2020) 8.

bevorder kriminele aktiwiteite in Suid-Afrika, omdat dit misdadigers toelaat om die voordele wat hulle deur hulle kriminele aktiwiteite verkry het, te behou. Dit vind plaas deur middel van 'n verskeidenheid skemas wat deur die "gebruik" van banke plaasvind. Dit is dus vanselfsprekend dat geldwassery onwettig is.

Die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum²² is sedert die verordening daarvan die primêre wetgewende raamwerk om maatreëls in plek te stel teen geldwassery en die finansiering van terrorismebeheer. Die Wet staan daarom sentraal in Suid-Afrika se poging om aan die aanbevelings van die ("*Financial Action Task Force*" ("FATF"))²³ te voldoen.²⁴ Die hoofdoel van die Wysigingswet op die Finansiële Intelligensiesentrum²⁵ was om die Suid-Afrikaanse raamwerk teen geldwassery en die raamwerk vir die bekamping van die finansiering van terrorisme in lyn te bring met die voorstelle van die FATF. Ten opsigte van die aankoop van kripto-bates vanaf diensverskaffers is daar tans geen regulatoriese vereistes om kliënte te identifiseer nie.²⁶ Indien die kliënte by geldwassery of terrorisme betrokke was sal dit dus uiters moeilik wees om hierdie kliënte te identifiseer.²⁷ Alhoewel sommige diensverskaffers, soos verhandelingsplatforms vir kripto-bates, vrywillige prosesse vir die identifisering en verifiëring van kliënte geïmplementeer het, is dit nie 'n standaardproses vir alle diensverskaffers nie en is dit ook nog nie 'n regulatoriese vereiste nie.²⁸ Dit is tans in die diskresie van die diensverskaffers om die nodige

²² Wet 38 van 2001.

²³ Die FATF is 'n internasionale instellingsinstelling wat doeltreffende wetlike, regulatoriese en operasionele maatreëls bevorder deur geldwassery, die finansiering van terrorisme en ander bedreigings vir die internasionale finansiële stelsel te bekamp deur dit onder meer deur die uitreiking van standaarde. Die FATF-direktief is soos die meeste internasionale standaarde is nie wettiglik bindend nie en om effektief te wees moet dit geïmplementeer word in toepaslike nasionale wetgewing en regulasies. Die FATF se standaard is ontwikkel om 'n gekoördineerde globale reaksie te verseker om georganiseerde misdaad, korrupsie en terrorisme te voorkom. Die FATF help owerhede om die geld terug te vorder van misdadigers wat by aktiwiteite soos onwettige dwelms, mensehandel en ander misdade betrokke was. Die FATF poog ook om die finansiering vir massavernietigingswapens te stop. Die FATF wysig hulle tegnieke om geldwassery en finansiering van terroriste te bekom en versterk hulle standaarde om nuwe risiko's aan te spreek soos die regulering van kriptobates. Die FATF monitor lande om te verseker dat hulle die FATF-standaarde volledig en effektief toegepas word en hou lande verantwoordelik wat nie daaraan voldoen nie.

²⁴ Spruyt (2020) TSAR 9.

²⁵ Wet 1 van 2007.

²⁶ IFWG "Position Paper" (2020) 16.

²⁷ *Ibid.*

²⁸ *Ibid.*

omsigtigheidsmaatreëls (“*customer due diligence*”) en sanksies in te stel.²⁹ Die enigste verpligting wat op diensverskaffers geplaas word is in terme van die Wet op Finansiële Intelligensiesentrum³⁰ waarvolgens alle ondernemings verplig word om verdagte en ongewone transaksies ingevolge artikel 29 te rapporteer.³¹

b) Die valutabeheer risiko:

Valuta is die waarde van een geldeenheid in terme van sy wisselkoers met 'n ander. Daar is huidiglik onsekerheid rakende die gevolge wat virtuele geldeenhede sal hê met betrekking tot die nasionale betaalstelsel, verbruikersbeskerming en die regulering van valutabeheer.³² Die Departement van Finansiële Toesig van die Reserwebank (“*FinSurv*”) is volgens die gedelegeerde owerheid deur die Minister van Finansies verantwoordelik vir valutabeheer-administrasie.³³ Dit beteken dat *FinSurv* die beweging van kapitaal in en uit Suid-Afrika monitor en beheer.³⁴ Ondernemings word nie eksplisiet deur *FinSurv* toegelaat om fondse na die buiteland oor te dra vir die aankoop van virtuele geldeenhede nie.³⁵ Die rede hiervoor is omrede virtuele geld nie geklassifiseer word as geldeenheid, wettige tender, elektroniese geld of effekte nie.³⁶ Transaksies wat plaasvind deur die gebruik van virtuele geldeenhede word nie deur 'n derdeparty soos 'n bank voltooi nie en daarom kan maatskappye virtuele geldeenhede in die buiteland koop sonder om te voldoen aan die vereistes wat deur *FinSurv* gestel word. Valuta-transaksies moet daarom gemonitor word omrede die deursigtigheid en akkuraatheid in die finansiële stelsel verlore kan gaan omdat dit moeilik word om presiese rekord te hou

²⁹ *Ibid.*

³⁰ Wet 38 van 2001.

³¹ IFWG “Position Paper” (2020) 16.

³² IFWG “Position Paper” (2020) 3.

³³ *FinSurv* reguleer en monitor buitelandse transaksies en voorkom die misbruik van die finansiële stelsel en ondersteun die omsigtigheidsregulering van finansiële instellings.

³⁴ South African Reserve Bank “Financial Surveillance”, beskikbaar op <https://www.resbank.co.za/AboutUs/Departments/Pages/FinancialSurveillance.aspx> [laaste besoek op 7 Februarie 2021].

³⁵ South African Reserve Bank “Financial Surveillance”, beskikbaar op <https://www.resbank.co.za/AboutUs/Departments/Pages/FinancialSurveillance.aspx> [laaste besoek op 7 Februarie 2021].

³⁶ Reddy & Lawack (2019) *SA Merc LJ* 18.

en volledige inligting te hê rakende die vloei van kapitaalfondse in en uit Suid-Afrika. Valutabeheer of nakomingsvereistes hou verband met die toesig oor of regulering van krypto-bates om te verseker dat aktiwiteite in hierdie verband gemonitor word.

Volgens die IFWG is krypto-bates in sekere situasies gebruik om bestaande valutabeheerreëls vir die beweging van kapitaal uit Suid-Afrika te omseil sonder om aan die verslagdoeningsvereistes te voldoen.³⁷ Die Valuta en Ruilhandleiding vir Gemagtigde Handelaars ("*Currency and Exchanges Manual for Authorised Dealers*" (die "*AD manual*")) bevat die voorwaardes wat van toepassing is op transaksies in buitelandse valuta wat deur Gemagtigde Handelaars ("*Authorised Dealers*") en of namens hulle kliënte onderneem kan word ingevolge die Regulasie 2(2) van die Valutabeheerregulasie ("*Exchange Control Regulation*").³⁸ Die besonderhede van verwante administratiewe verantwoordelikhede sowel as die *FinSurv*-verslagdoeningsvereistes word in die Regulasie gevind.³⁹ Die Valuta en Ruilhandleiding vir Gemagtigde Handelaars moet saam met die Regulasie van die Valutabeheerregulasie gelees word.⁴⁰ Gemagtigde Handelaars mag transaksies aangaan sonder verwysing na die Departement van Finansiële Toesig op voorwaarde dat hierdie transaksies ingevolge hierdie gemagtigde Valuta en Ruilhandleiding vir Gemagtigde Handelaars toegelaat word.⁴¹ Deursigtigheid in die finansiële stelsel gaan daardeur verlore en die monitering van die vloei van fondse deur die regulerende owerhede word baie moeilik.⁴² Die IFWG dui aan dat diensverskaffers of verkopers van krypto-bates moontlik krypto-bates van internasionale verskaffers mag koop om meer likiditeit in die Suid-Afrikaanse mark te skep.⁴³ Die IFWG dui voorts aan dat maatskappye in terme van die Ruilhandleiding vir Gemagtigde Handelaars⁴⁴ geen transaksies buite die landsgrense- of buitelandse

³⁷ IFWG "Position Paper" (2020) 17.

³⁸ South African Reserve Bank "Currency and Exchanges Documents", beskikbaar op <https://www.resbank.co.za/en/home/publications/currency-and-exchanges-documents> [laaste besoek op 7 Februarie 2021].

³⁹ *Ibid.*

⁴⁰ *Ibid.*

⁴¹ *Ibid.*

⁴² *Ibid.*

⁴³ *Ibid.*

⁴⁴ Die Reserwebank hou tans geen toesig oor, toesig oor of regulering van krypto-bates (voorheen virtuele geld genoem) nie, maar gaan voort met die poging om hierdie gebied te monitor soos dit ontwikkel. Die Reserwebank se posisie oor krypto-bates soos uiteengesit in

valuta-oordragte mag aangaan met die eksplisiete doel om krypto-bates aan te koop nie, aangesien krypto-bates nie amptelik as wettige tender in Suid-Afrika erken word nie en omdat dit nie aan 'n spesifieke bateklas toegewys word nie.⁴⁵ Hierdie diensverskaffers moet daarom alternatiewe maniere vind om krypto-bates te koop of te bekom.⁴⁶ Die onderliggende risiko is dat maatskappye gedwing word om vindingryke oplossings te ontwikkel om krypto-bates te bekom.⁴⁷ Die oplossings sal nie noodwendig aan die regulatoriese vereistes voldoen nie⁴⁸ met die gevolg dat Suid-Afrikaanse owerhede blootgestel word aan onvolledige inligting oor die vloei van fondse of die beweging van kapitaal.⁴⁹

c) Die markgedragsrisiko:

Soos genoem bestaan daar tans geen spesifieke reëls om kliënte te beskerm teen die risiko's van krypto-bates nie.⁵⁰ Kliënte word selde voldoende ingelig oor die risiko's van krypto-bates en die verliese wat gely kan word as gevolg van die belegging in, en verhandeling van krypto-bates.⁵¹ Die IFWG beklemtoon dat daar geen regulering of onafhanklike toesig is om te verseker dat pryse sowel as die fooie en koste verbonde aan die koop en verkoop van krypto-bates billik en deursigtig bepaal word nie.⁵² Die moontlikheid ontstaan dat kliënte wat 'n groot aantal krypto-bates besit moontlik die mark mag manipuleer deur publisiteit en opgewondenheid rondom spesifieke krypto-bates te skep en sodoende word pryse kunsmatig verhoog en die krypto-bates word daarna in massas teen 'n laer prys verkoop nadat winste deur hierdie verbruikers gemaak is.⁵³

die 'Position Paper on Virtual Currency, 2014' reflekteer die huidige posisie. Handelaars of tussengangers van krypto-bates is dus afhanklik van algemene gemeenregtelike beginsels. Handeling in krypto-bates word daarom op die die uitsluitlike risiko van die eindverbruiker gedoen. Soos met virtuele-bates word die gebruik van ICO's nie deur die Reserwebank gereguleer nie. Die "*AD manual*" maak voorsiening vir die oorplasing van buitelandse valuta met die eksplisiete doel om virtuele geld te koop."); IFWG "Position Paper" (2020) 17.

⁴⁵ IFWG "Position Paper" (2020) 17.

⁴⁶ *Ibid.*

⁴⁷ *Ibid.*

⁴⁸ *Ibid.*

⁴⁹ *Ibid.*

⁵⁰ *Ibid.*

⁵¹ *Ibid.*

⁵² *Ibid.*

⁵³ *Ibid.*

d) Operasionele- en kuberseiligheidsrisiko:

Sekuriteitstelsels is ontwerp en bevorder om kliënte en verhandelingsplatforms te beskerm, maar dit beteken steeds nie dat hierdie platforms immuun is teen diefstal nie.

Die eerste groot infiltrasie van 'n verhandelingsplatform was op Mt. Gox. Mt Gox. is 'n Bitcoin verhandelingsplatform wat in 2010 begin funksioneer het. Teen 2011 was dit die grootste Bitcoin platform ter wêreld.⁵⁴ In Junie 2011 was Mt. Gox se ouditeursbewyse onwettiglik bekom en gebruik om 2 609 Bitcoins na 'n nuwe adres oor te dra waarvan Mt. Gox het nie toegang tot gehad het nie.⁵⁵ Die grootste infiltrasie van virtuele geld in geskiedenis was egter teen Coincheck in 2018 wat ongeveer \$500 miljoen NEM-tokens aan infiltreerdes verloor het.⁵⁶ Die infiltrasie is veroorsaak weens 'n gebrek aan sekuriteit.⁵⁷ Verdere opvallende infiltrasies tot dusver was teen Bitfloor in 2012 toe die maatskappy oornag beroof is van 24 000 Bitcoin.⁵⁸ In Augustus 2016 is \$77 miljoen se Bitcoin van Bitfinex gesteel en gedurende Februarie 2018 is BitGrail van \$187 miljoen se Nano beroof.⁵⁹

Kripto-bate verhandelingsplatforms word blootgestel aan operasionele risiko, aangesien daar verskeie voorvalle aangemeld was van platforms wat deur kubermisdaad aangeval was en waardeur kliënte hulle geld verloor het.⁶⁰ Bedrog word deur rekeningkundige praktyke op interne finansiële stelsels gepleeg, aangesien verskillende transaksies buite die "*blockchain*" plaasvind volgens die prosesse van die verhandelingsplatforms van kripto-bates.⁶¹ Gevolglik mag dit

⁵⁴ Crypto Pro "History of Cryptocurrency Exchange Hacks", beskikbaar op <https://cryptopro.app/history-of-cryptocurrency-exchange-hacks/> [laaste besoek op 8 Oktober 2020].

⁵⁵ *Ibid.*

⁵⁶ *Ibid.*

⁵⁷ *Ibid.*

⁵⁸ *Ibid.*

⁵⁹ *Ibid.*

⁶⁰ IFWG "Position Paper" (2020) 17; sien ook Coindesk "2018: A record-breaking year for crypto exchange hacks" beskikbaar op <https://www.coindesk.com/2018-a-record-breaking-year-for-crypto-exchange-hacks> [laaste besoek op 8 Oktober 2020].

⁶¹ IFWG "Position Paper" (2020) 17.

gebeur dat daar nie voldoende meganismes is om sulke bedrog en inbraakvoorvalle te verhoed nie.⁶²

(ii) Gebruik van krypto-bates om vir goedere en dienste te betaal:

a) Die risiko van parallele, ongereguleerde en gefragmenteerde betalingstelsels:

Reguleerders maak geen beswaar teen krypto-bates as 'n betaalmiddel vir die aankoop van goedere en dienste nie (met of sonder 'n gedefinieerde reguleringstelsel). Volgens die IFWG impliseer dit dat daar aanvaarding van verskeie nuwe gedesentraliseerde waarde-winkels ("*decentralised stores of value*"), anders as *fiat*-geldeenhede is.⁶³ Alhoewel die verskuiwings na krypto-bates nog steeds minimaal is, dui die IFWG aan dat groter verskuiwings weg van tradisionele deposito's by banke 'n stabiele bron van deposito's vir banke kan verminder.⁶⁴ Hierdie bemiddelingsproses wat deur banke voorsien word help myns insiens die finansiële stelsel om finansiële stabiliteit te bereik en te handhaaf.⁶⁵ Indien hierdie verskuiwings na krypto-bateverhandelingsplatforms plaasvind wat nie plaaslik gebaseer is nie, kan hierdie impak selfs groter wees.⁶⁶

b) Die risiko van waargenome regulatoriese aanvaarding:

Krypto-bates word tans nie algemeen aanvaar as 'n betaalmiddel deur handelaars of kleinhandelaars nie, alhoewel die IFWG uitwys dat verbruikers argumenteer dat dit wel aanvaar moet word.⁶⁷ Indien krypto-bates gereguleer word, meen die IFWG dat dit in waarde sal toeneem.⁶⁸ Volgens die IFWG benodig voorstanders van krypto-bates moontlik hierdie regulerende ingryping sodat krypto-bates meer kan wees as net instrumente van spekulatiewe beleggings en sodat dit beskou kan word as 'n

⁶² *Ibid.*

⁶³ IFWG "Position Paper" (2020) 18.

⁶⁴ *Ibid.*

⁶⁵ *Ibid.*

⁶⁶ *Ibid.*

⁶⁷ *Ibid.*

⁶⁸ *Ibid.*

ruilmiddel.⁶⁹ Reguleerders moet oorweging gee aan die toepaslikheid van regulering en die impak van moontlike onbeplande gevolge.⁷⁰ Akkommoderende regulerende ingryping sal volgens die IFWG die markpersepsie skep van aanvaarding en of die goedkeuring van sulke instrumente.⁷¹

c) Operasionele risiko en 'n gebrek aan verbruikersbeskerming deur kriptobate betalings:

Soos uitgewys bestaan daar tans geen beskerming vir verbruikers teen probleme wat kan ontstaan in geval van betalings in kriptobates nie en dit is onduidelik of sodanige betalings omgekeer of teruggekeer kan word in geval van foute, oorbetaling of selfs bedrog.⁷²

iii) “Initial coin offerings” (ICO’s):

a) Hoogs spekulatiewe en beperkte uittreegeleenthede:

Die IFWG merk op dat daar duidelike risiko's verbonde is aan ICO's, aangesien dit hoogs spekulatiewe beleggings is waar beleggers se volle kapitale beleggings in gevaar is.⁷³ Die IFWG dui aan dat beleggers wat handel met kriptobates bereid moet wees om die wisselvalligheid en potensiële verlies te ervaar.⁷⁴ Volgens die IFWG kan 'n ICO Witskrif⁷⁵ indrukwekkende uitkoms probeer verseker, maar dit is

⁶⁹ *Ibid.*

⁷⁰ *Ibid.*

⁷¹ *Ibid.*

⁷² IFWG “Position Paper” (2020) 19.

⁷³ *Ibid.*

⁷⁴ *Ibid.*

⁷⁵ Die proses om 'n wet te skep begin met 'n besprekingsdokument genaamd 'n Groenskrif wat opgestel word in die Ministerie of departement wat oor 'n spesifieke saak handel. Hierdie besprekingsdokument gee 'n idee van die algemene denke wat 'n bepaalde beleid inlig. Dit word dan gepubliseer vir kommentaar, voorstelle of idees. Dit lei tot die ontwikkeling van 'n meer verfynde besprekingsdokument, 'n Witskrif, wat 'n breë verklaring van die regeringsbeleid is. Dit word opgestel deur die betrokke departement of taakspan en die

slegs 'n doelwit wat gestel word deur die ICO en kan nie met sekerheid vasgestel word nie.⁷⁶ Beleggers kan moontlik sommige van die finansiële risiko's verminder deur ICO navorsingsverslae in diepte te raadpleeg en slegs in 'n nuwe onderneming met 'n ervare span en 'n geloofwaardige sakemodel te belê.⁷⁷ Beleggers sal moontlik ook nie in staat wees om hulle munte te verhandel of dit vir fiat-geldeenhede te verruil nie.⁷⁸ Nie al die munte word op kriptobateverhandelingsplatforms verhandel nie en beleggers kan volgens die IFWG moontlik blootgestel word aan die gebrek aan uittree-opsies of die moontlikheid om die munte te gebruik.⁷⁹ Die gebrek aan waardasieontledings en omsigtigheidsprosesse deur reguleerders en potensiële beleggers kan na die mening van die IFWG lei tot wisselvalligheid in die ICO-mark.⁸⁰

b) Die groot risiko vir mislukking:⁸¹

Die IFWG wys uit dat die oorgrote meerderheid ICO's geloods word deur ondernemings wat in 'n baie vroeë stadium van ontwikkeling is en 'n inherente hoë risiko vir mislukking het.⁸² Baie van die munte wat uitgereik word het geen ander intrinsieke waarde as die moontlikheid om dit te gebruik om 'n produk of diens te bekom of te gebruik wat nog deur die uitreiker ontwikkel moet word nie.⁸³ Daar is geen waarborg dat sodanige produkte of dienste suksesvol ontwikkel sal word nie.⁸⁴ Al word daar aanvaar dat die projek suksesvol is kan enige uiteindelijke voordeel relatief laag wees in vergelyking met die beleggingskapitaal wat ingesit is in die projek.⁸⁵ Die IFWG maan dus dat beleggers derhalwe moet besef dat alhoewel ICO's aan ondernemings die geleentheid bied om die kapitaal in te win wat hulle

betrokke parlementêre komitees kan wysigings of ander voorstelle maak. Hierna word dit na die Ministerie teruggestuur vir verdere bespreking, insette en finale besluite.

⁷⁶ IFWG "Position Paper" (2020) 19.

⁷⁷ *Ibid.*

⁷⁸ *Ibid.*

⁷⁹ *Ibid.*

⁸⁰ *Ibid.*

⁸¹ Moontlike risiko's van ICO's is die onstabiele beleggingsgeldeenhede wat buitengewoon vinnig kan devalueer. Daar is min tot geen inligting oor houers van die virtuelegeld nie en daar is onsekerheid in regulasies.

⁸² IFWG "Position Paper" (2020) 19.

⁸³ *Ibid.*

⁸⁴ *Ibid.*

⁸⁵ *Ibid.*

benodig om hulle projekte te begin, die meerderheid van die nuwe ondernemings moontlik sal misluk.⁸⁶

c) Die risiko wat onduidelike regsraamwerke inhou en ICO's wat vatbaar is tot aktiwiteite van bedrog:

Aangesien ICO's verskillende funksies kan hê en verskillende ekonomiese aktiwiteite kan verrig verduidelik die IFWG dat dit moeilik is om die spesifieke regsclassifikasie van 'n ICO te bepaal.⁸⁷ ICO's is nie gestandaardiseer nie en hulle wetlike en regulatoriese status hang waarskynlik af van die omstandighede van die spesifieke uitgereikte ICO.⁸⁸ Afhangend van die strukture meen die IFWG dat ICO's buite die bestek van bestaande reëls vasgevang mag word en buite die trefwydte van regulering mag wees.⁸⁹ Die IFWG wys ook uit dat sommige ICO's gebruik kan word vir bedrog of onwettige aktiwiteite, terwyl verskeie ICO's reeds geïdentifiseer was met bedrog en ander met geldwassery.⁹⁰ In die geval waar 'n ICO nie onder die bestaande regulatoriese raamwerk val nie, kan beleggers nie voordeel trek uit die beskerming wat die wetlike en reguleringsraamwerke bied nie.⁹¹ Daarbenewens het verskillende lande verskillende vlakke van regulatoriese strengheid vir ICO's wat steeds kwesbaarhede in die mark veroorsaak.⁹² As gevolg hiervan gaan die ICO uitreikers wat opsetlik van plan is om onwettige aktiwiteite uit te voer na jurisdiksies waar die reguleerders 'n ligter aanslag ten opsigte van ICO's toepas.⁹³

d) Die gebrek aan 'n fiskale raamwerk:

⁸⁶ IFWG "Position Paper" (2020) 19.

⁸⁷ *Ibid.*

⁸⁸ *Ibid.*

⁸⁹ *Ibid.*

⁹⁰ *Ibid.*

⁹¹ *Ibid.*

⁹² IFWG "Position Paper" (2020) 19.

⁹³ IFWG "Position Paper" (2020) 19; ICO's is byvoorbeeld wettig in Switserland, solank die maatskappy registreer by die "*Swiss Financial Market Supervisory Authority*" (FINMA) en in Die Monetêre Owerheid van Singapoer fokus meer op die regulering van aktiwiteite rondom ICO's in plaas van die ICO's self te reguleer wat tot gevolg het dat die nakoming en bedryfskoste aansienlik verminder word. Om 'n ICO in Singapoer te loods, moet 'n fondasie of organisasie opgestel word waarna Singapoer sal verklaar hoe die ICO met hanteer word.

Die IFWG dui aan dat, as gevolg van die regsclassifikasie van ICO's, het die meeste belastingowerhede nog nie spesifieke regulasies in plek daarvoor nie.⁹⁴ Alhoewel baie ICO's aanvanklik gestig was as 'n liefdadigheid of 'n nie-winsgewende onderneming het minder sulke modelle die afgelope tyd tot stand gekom en is daar eerder gebruik gemaak van 'n 'winsgewende-model'.⁹⁵ Die IFWG beklemtoon dus dat dit belangrik is om te weet dat die Reserwebank nie die gebruik van virtuele geld en ICO's beheer en reguleer nie.⁹⁶

e) Kuberveiligheidsrisiko's:

Meeste ICO's het volgens die IFWG nie behoorlike beheer oor kuberveiligheid nie, wat 'n groot bedreiging vir beleggers inhou.⁹⁷ Aangesien die meeste ICO's kapitaal verkry in die vorm van kripto-bates word transaksies met 'n hoë volume 'n aantreklike teiken vir misdadigers.⁹⁸ Kuberaanvallers sal volgens die IFWG, baat by die onomkeerbaarheid van "*blockchain*" gebaseerde transaksies en basiese koderingsfoute wat vermy kon geword het as die ICO deur ervare ontwikkelaars en kuberveiligheid-ontleders nagegaan is.⁹⁹ Die IFWG wys uit dat in die afwesigheid van duidelike regulatoriese riglyne wat afgedwing word of beste praktyk wat nagevolg word, sal kubermisdadigers geleenthede probeer vind om geld van beleggers te steel.¹⁰⁰

f) Risiko's wat verband hou met onvolledige en/of onakkurate openbaarmaking:

Volgens die IFWG is die inligting wat in die Witskrif bekend gemaak word aan beleggers in die meeste gevalle ongeouditeerd, onvolledig, ongebalanseerd en selfs

⁹⁴ IFWG "Position Paper" (2020) 20.

⁹⁵ *Ibid.*

⁹⁶ South African Reserve Bank "Crypto Assets", beskikbaar op <https://www.resbank.co.za/RegulationAndSupervision/FinancialSurveillanceAndExchangeControl/FAQs/Pages/VirtualCurrenciesCryptocurrencies.aspx> [laaste besoek op 8 Oktober 2020].

⁹⁷ IFWG "Position Paper" (2020) 20.

⁹⁸ *Ibid.*

⁹⁹ *Ibid.*

¹⁰⁰ *Ibid.*

misleidend.¹⁰¹ Dit plaas gewoonlik die klem op die potensiele voordele, maar nie op die risiko's nie.¹⁰² Dit is tegnies en nie maklik verstaanbaar nie en beleggers sal dus moontlik nie die risiko's wat hulle neem ten volle begryp nie en moontlik ook beleggings maak wat nie geskik is vir hulle behoeftes nie.¹⁰³

(iv) Verskilkontrakte of afgeleide instrumente ("derivatives"):

a) Geen gedefinieerde wettige raamwerk vir die gebruik van krypto-bates nie:

Suid-Afrikaanse wetgewing maak voorsiening vir die regulering van die meeste beleggingsopsies, insluitend gesamentlike beleggings en die meeste soorte beursverhandelde fondse.¹⁰⁴ Aangesien krypto-bates nog nie as 'n spesifieke bateklas geklassifiseer is nie, laat dit volgens die IFWG nie die bestaande reguleringsbepalings van hierdie opsies toe om krypto-bates as die onderliggende bate gebruik nie.¹⁰⁵

b) Die risiko van wisselvalligheid van krypto-bates:

Die IFWG wys voorts uit dat die gebruik van krypto-batesfondse vir beleggingsdoeleindes ten nouste verband hou met hulle vermoë om oor die langtermyn as 'n instrument vir kapitaalwaardering beskou te word.¹⁰⁶ Volgens die IFWG het die wisselvalligheid van die mark vir krypto-bates dit moeilik gemaak om

¹⁰¹ *Ibid.*

¹⁰² *Ibid.*

¹⁰³ *Ibid.*

¹⁰⁴ *Ibid.*

¹⁰⁵ *Ibid.*

¹⁰⁶ *Ibid.*

kripto-bates as 'n veilige stoor van waarde te beskou en word eerder gesien as 'n spekulatiewe belegging.¹⁰⁷

c) Onstelselmatige risiko:

Dit word ook deur die IFWG uitgewys dat kripto-bate-beleggingsfondse moeilik is om te bestuur as 'n beleggingsopbrengs, aangesien die kripto-batesmark 'n onstelselmatige risiko (“*unsystematic risk*”) inhou met min korrelasie met die algemene markrisiko.¹⁰⁸

d) Ongekorreleerde prysbewegings:

Die prysbewegings van kripto-bates word voorts, volgens die IFWG, as baie ongekorreleerd met die algemene mark beskou en kripto-bates word daarom beskou as 'n onsistematiese risiko met min korrelasie tot die algemene markrisiko.¹⁰⁹

e) Likiditeitsrisiko:

As gevolg van die lae vlakke van aanvaarbaarheid en verhandeling is die kripto-batemark blootgestel aan likiditeitsrisiko.¹¹⁰ Kripto-bates kan dus nie maklik omgeskakel word in ander likiede bates nie.¹¹¹

f) Verhoogde risiko as gevolg van wisselvalligheid:

Die IFWG dui aan dat verskilkontrakte of afgeleide instrumente (“*derivatives*”) ¹¹² soos termynkontrakte (“*futures*”) ¹¹³ 'n wisselvallige handelsomgewing

¹⁰⁷ *Ibid.*

¹⁰⁸ *Ibid.*

¹⁰⁹ *Ibid.*

¹¹⁰ IFWG “Position Paper” (2020) 21.

¹¹¹ *Ibid.*

verteenwoordig wat selfs meer riskant raak met die “hefboom”-finansiering (“*leverage*”)¹¹⁴ en marges (“*margins*”)¹¹⁵ wat kenmerke van die tradisionele hefboom-finansiering marke het.¹¹⁶ Volgens die IFWG is verskilkontrakte of afgeleide instrumente handel meer kompleks as ander vorme van beleggings in die sektor, aangesien dit nie die markneigings volg nie.¹¹⁷ Verskilkontrakte of afgeleide instrumente produkte het ook 'n ondeursigtige prys meganisme en verhandel teen 'n groot premie teenoor die waarde van die onderliggende bate wat dan 'n negatiewe druk op die mark uitoefen.¹¹⁸

g) Moeilikhed om risikovlakke te bepaal:

Volgens die IFWG is dit moeilik om die risikoblootstelling ten aansien van kriptobates voldoende te modelleer op grond van historiese gegewens en die aanname van likiditeit en hierdie situasie maak dit verder moeilik om risikovlakke en effektiewe bestuursmaatreëls vas te stel.¹¹⁹

(v) Steundienste vir kriptobates

a) Kuberrisiko's:

Die IFWG dui aan dat verskaffers moet toesien dat hulle voldoen aan die internasionale standaard vir kuberveiligheid vir die beveiliging van kriptobates.¹²⁰ Kriptobates kan blootgestel word aan voorvalle op die gebied van kuberveiligheid wat infiltrerders (“*hackers*”) toelaat om onwettig toegang tot kriptobates wat in

¹¹² 'n Afgeleide instrument is 'n verhandelbare instrument waarvan die waarde afgelei is van die onderliggende bate en sy waarde is regstreeks gekoppel aan daardie bate. Die bate kan 'n aandeel, 'n indeks of 'n kommoditeit soos goud of olie wees.

¹¹³ Vooruitkontrake en verskilkontrake is twee baie soortgelyke vorme van afgeleide instrumente.

¹¹⁴ Gebruikers kan hulle bestaande virtuele geld of rande gebruik deur fondse te leen om hulle koopkrag te verhoog (gewoonlik betaal hulle rente op die geleende bedrag).

¹¹⁵ Marges is 'n handelspraktyk wat verhandelars toelaat om groter blootstelling aan 'n spesifieke bate te verkry deur kapitaal te leen by ander verhandelars op die verhandelingsplatform.

¹¹⁶ IFWG “Position Paper” (2020) 21.

¹¹⁷ *Ibid.*

¹¹⁸ *Ibid.*

¹¹⁹ *Ibid.*

¹²⁰ *Ibid.*

veilige bewaring gehou word, te bekom.¹²¹ In die geval van digitale beursies¹²² is die veiligheid van inligting en toegang tot sodanige beursies van groot belang en wys die IFWG uit dat dit belangrik is om veilig te bly.¹²³ Daar het skemas ontstaan wat kripto-bates van die verbruikers se mynbousisteme herlei na e-beursies wat nie aan die verbruikers behoort nie, omdat die verbruikers se aantekenbewyse ontwetliklik bekom was.¹²⁴

b) Omgewingsrisiko:

Volgens die IFWG het daar in die ontginning van kripto-bates deur mynbou 'n omgewingsrisiko na vore gekom as een van die grootste bekommernisse, aangesien hoë elektrisiteitsverbruik nodig is om die myn van kripto-bates te beoefen, wat negatiewe gevolge vir natuurlike hulpbronne kan hê.¹²⁵ Een van die probleme van kripto-bates is die feit dat die myn daarvan hoë energieverbruik vereis. Die Universiteit van Cambridge het 'n Cambridge Bitcoin-elektrisiteitsverbruiksindex bekend gestel wat die huidige energieverbruik van mynbou aantoon.¹²⁶ Volgens die indeks is Bitcoin verantwoordelik vir ongeveer 0,40% van die wêreld se totale elektrisiteitsverbruik en 0,34% van die wêreld se totale elektrisiteitsproduksie.¹²⁷ Alhoewel die syfer klein lyk het dit 'n steeds 'n negatiewe impak op die omgewing. Om hierdie syfers in perspektief te plaas is die jaarlikse elektrisiteitsverbruik van Bitcoin groter as die totale energie wat nodig is om al die ketels in die Verenigde Koninkryk vir 19 jaar aan te dryf.¹²⁸ Daar moet in gedagte gehou word dat Bitcoin net een van die duisende virtuele geldeenhede is wat tans gebruik word.¹²⁹

¹²¹ *Ibid.*

¹²² 'n Digitale beursie (of e-beursie) is 'n sagtewaregebaseerde stelsel wat gebruikers se betalingsinligting en wagwoorde veilig bewaar vir talle betaalmetodes en webwerwe. Deur 'n digitale beursie te gebruik kan gebruikers maklik en vinnig aankope doen en betalings ontvang.

¹²³ IFWG "Position Paper" (2020) 21.

¹²⁴ *Ibid.*

¹²⁵ *Ibid.*

¹²⁶ University of Cambridge Judge Business School "Cambridge Bitcoin Electricity Consumption Index", beskikbaar op <https://www.cbeci.org/> [laaste besoek op 7 Februarie 2021].

¹²⁷ Earth.org "Are Cryptocurrencies Harming the Environment?", beskikbaar op <https://earth.org/are-cryptocurrencies-harming-the-environment/> [laaste besoek op 7 Februarie 2021].

¹²⁸ *Ibid.*

¹²⁹ *Ibid.*

Die wêreldwye energieverbruik sal drasties aanhou om te styg solank as wat daar 'n aanvraag na virtuele geld is. Wat die vraag laat ontstaan of die voordele van virtuele geld die impak wat dit op die omgewing het oorskry. Myns insiens is dit huidiglik nie die situasie nie en sal daar drasties gekyk moet word na hernubare energie om die voordele die moeite werd te maak.

2.4 Gevolgtrekking

Die IFWG beklemtoon dat die risiko van 'n parallelle, gefragmenteerde, nie-soewereine monetêre stelsel die potensiaal het om 'n negatiewe impak tot die bedreiging van die bestaande finansiële stelsel te hê.¹³⁰ Hierdie is die stelsel waarin sentrale banke 'n doeltreffende monetêre stelsel verseker deur die uitvoering van monetêre beleid en die regulering van geld of *fiat*-geldeenhede beïnvloed.¹³¹ Die toename in die vraag na kripto-bates kan tot die skepping van 'n parallelle en uiteindelik gefragmenteerde monetêre stelsel lei.¹³² Die rol van die sentrale bank in die versekering van 'n doeltreffende monetêre stelsel kan minder effektief raak, omdat die vraag na *fiat*-geldeenhede sal afneem en kripto-bates effektief met *fiat*-geldeenhede sou meeding.¹³³

In wese sal die monetêre stelsel uitgevoer word deur private entiteite met individuele doelwitte.¹³⁴ Gegewe die huidige gebruik van kripto-bates word dit volgens die IFWG nog nie gesien as 'n sistemiese risiko¹³⁵ nie en hierdie risiko sal waarskynlik nie in die nabye toekoms realiseer nie.¹³⁶ 'n Sistemiese risiko word in die

¹³⁰ IFWG "Position Paper" (2020) 15.

¹³¹ *Ibid.*

¹³² IFWG "Position Paper" (2020) 16.

¹³³ *Ibid.*

¹³⁴ *Ibid.*

¹³⁵ 'n Sistemiese risiko of ("*Systemic event*") word in die Finansiële Sektor Regulerings Wet 9 van 2017 beskryf soos volg: "*an event or circumstance, including one that occurs or arises outside the Republic, that may reasonably be expected to have a substantial adverse effect on the financial system or on economic activity in the Republic, including an event or circumstance that leads to a loss of confidence that operators of, or participants in, payment systems, settlement systems or financial markets, or financial institutions, are able to continue to provide financial products or financial services, or services provided by a market infrastructure*".

¹³⁶ IFWG "Position Paper" (2020) 16.

Reserwebank se dokument genaamd “*n Nuwe makroprudensiële beleidsraamwerk vir Suid-Afrika*” (*a new macroprudential policyframework for South Africa*) soos volg beskryf:

*“Systemic risk is defined as the risk of disruptions to the provision of key financial services that is caused by an impairment of all or parts of the financial system, and which can cause serious consequences for the real economy. Systemic risk may arise at certain points in the economic cycle where borrowers exceed their means, when leverage in the financial sector is high, and when maturity transformation is excessive.”*¹³⁷

Die IFGW wys uit dat die risiko's verbonde aan kripto-bates wat tot onmiddellike kommer aanleiding gee, die gebrek aan verbruikersbeskerming, en bedreiging van markdoeltreffendheid en integriteit is.¹³⁸ Die moontlike misbruik van die stelsel kan lei tot geldwassery en die finansiering van terrorisme, die toename in ongeïdentifiseerde buitelandse finansiële transaksies, onwettige aankope (wat spruit uit die anonimiteit of skuilnaam wat met kripto-bates verband hou) en moontlike belastingontduiking.¹³⁹

Die afwesigheid van 'n toepaslike regulerings raamwerk en toesig wat gelykstaande is aan die van *fiat*-geldeenhede om risiko's aan te spreek, sowel as die vermoë om 'n holistiese uitkyk te kan hê van die werklike invloed en uitvloeï van die kripto-bates sowel as die monetêre waarde hiervan in Suid-Afrika kan volgens die IFWG reguleringsrisiko inhou.¹⁴⁰ Aangesien sommige van die bogenoemde risiko's reeds gerealiseer het, moet daar volgens die IFWG 'n hersiene beleidstandpunt ingeneem word en die Suid-Afrikaanse owerhede moet 'n toepaslike regulatoriese raamwerk aanneem om sodanige risiko's te verminder.¹⁴¹

Die probleem wat ontstaan is dat lande regoor die wêreld nie 'n geskikte regulatoriese raamwerk in plek het ten einde die virtuele geld te reguleer nie en dit

¹³⁷ Suid Afrikaanse Reserwe Bank “A new macroprudential policy framework for South Africa” (2016), aanlyn beskikbaar op <https://www.resbank.co.za/Lists/News%20and%20Publications/Attachments/7547/Macroprudential%20policy.pdf> [laaste besoek op 8 October 2020].

¹³⁸ IFWG “Position Paper” (2020) 16.

¹³⁹ *Ibid.*

¹⁴⁰ *Ibid.*

¹⁴¹ *Ibid.*

gaan nog 'n geruime tyd wees voordat die raamwerk in plek gestel word. 'n Moontlike oplossing waaraan die IFWG oorweging gee is die selfregulering van verhandelingsplatforms om te verhoed dat verbruikers nie slagoffers van bedrog en diefstal en ander vorms van misdaad is nie. Riglyne en maatreëls sal in plek gestel moet word om selfregulering moontlik te maak. Hierdie riglyne strek oor 'n breë spektrum van “Ken Jou Kliënte” (“*know your client*” of “KYC”) en deursigtigheid om te verseker dat aanvalle deur infiltrerers nie moontlik is nie.¹⁴²

Die IFWG wys ook uit dat die Internasionale Organisasie vir Sekuriteitskommissies¹⁴³ in 'n dokument 'n stel elemente omskryf wat selfregulering behels. Hierdie elemente bestaan uit deursigtigheid en aanspreeklikheid, kontraktuele verhoudings, en koördinerende en uitruil van inligting.¹⁴⁴ Lande soos Japan, Suid-Korea en die Verenigde Koninkryk het reeds hulle eie eie selfregulerende gedragskode in plek.

Tot tyd en wyl lande regoor die wêreld 'n regulatoriese raamwerk skep wat met die ontwikkelings tendense van virtuele geld kan byhou bied selfregulering 'n moontlike uitweg om te verseker dat kliënte huidiglik meer beskerming geniet.

¹⁴² Die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (FICA), soos gewysig, poog om sekere nakomingsfunksies soos KYC, omsigtigheidsondersoek (“*customer due diligence*”) en handhawingsmeganismes (“*enforcement mechanisms*”) ten opsigte van bedrog transaksies in plek te stel.

¹⁴³ Model for Effective Regulation “Report of the SRO Consultative Committee of the International Organization of Securities Commissions” (2000), aanlyn beskikbaar op <https://www.iosco.org/library/pubdocs/pdf/IOSCOPD110.pdf> [laaste besoek op 8 Oktober 2020].

¹⁴⁴ Investopedia “Should Cryptocurrency Exchanges Self-Regulate?” (2019), aanlyn beskikbaar op <https://www.investopedia.com/news/should-cryptocurrency-exchanges-self-regulate-themselves/> [laaste besoek op 8 Oktober 2020].

Hoofstuk 3:

Die internasionale tendense ten opsigte van die regulering van kripto-bates

3. Regulering van kripto-bates in buitelandse jurisdiksies

3.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk bespreek die verskillende benaderings tot regulering wat sekere ander lande volg ten aansien van kripto-bates. Daar sal opgemerk word dat verskeie lande pogings aanwend om die risiko's wat kripto-bates inhou te verminder. Hierdie ontleding is daarop gemik om bepaal watter stappe moontlik deur Suid-Afrika aangeneem kan word in hierdie konteks.

3.2 Duitsland

In 2013 het die Duitse Finansiële Toesighoudende Owerheid ("BaFin") die definisie van "finansiële instrumente" in die Duitse Bankwet¹ gewysig, sodat virtuele geld as finansiële instrumente beskou word.² Deur hierdie amptelike erkenning en definisie van virtuele geld het Duitsland die eerste land ter wêreld geword wat duidelike reëls vir die gebruik van virtuele geld gestel het.³

Die Deutsche Bundesbank (die sentrale bank van Duitsland) het in 2018 beveel dat virtuele geld geklassifiseer moet word as 'n "kripto-munt".⁴ Kripto-munte vervul daarvolgens nie die tipiese funksies van 'n geldeenheid nie en is ook nie deel van die

¹ Gesetz über das Kreditwesen (Kreditwesengesetz - KWG) "Bankwet soos gepubliseer op 9 September 1998 (Federale Regskoerant I p. 2776), wat laas gewysig is deur artikel 4 op 9 Desember 2020 (Federale Regskoerant I p. 2773)."

² Bitcoin Magazine "Germany Sets Standard for Bitcoin Regulation" (2013), aanlyn beskikbaar op <https://bitcoinmagazine.com/articles/germany-sets-standard-for-bitcoin-regulation-1376915552> [laaste besoek op 29 April 2020]; IFWG "Position Paper" (2020) 45.

³ *Ibid.*

⁴ Deutsche Bundesbank Ecosystem "Bitcoin is not a virtual currency" (2018), aanlyn beskikbaar op <https://www.bundesbank.de/en/tasks/topics/-bitcoin-is-not-a-virtual-currency--667600> [laaste besoek op 29 April 2020]; IFWG "Position Paper" (2020) 45.

nasionale monetêre stelsel nie.⁵ Die Bundesbank het verder gemeld dat dit misleidend kan wees om kripto-munt as digitale geld te beskryf en daarom is daar aanbeveel om die term “kripto-munt” te gebruik.⁶

Hierdie nuwe status van virtuele geld is deel van 'n poging deur Duitsland om sy wetgewing teen geldwassery op te dateer in lyn met die vyfde EU-wetgewing vir geldwassery (AMLD-5)⁷ wat inwerking getree het op 1 Januarie 2020.⁸ BaFin se nuwe riglyne definieer kripto bates as 'n digitale voorstelling van 'n waarde wat nie deur enige sentrale bank of openbare liggaam uitgereik of gewaarborg is nie en nie noodwendig gekoppel is aan 'n geldeenheid wat deur die wet gespesifiseer word nie en wat nie die wettige status van 'n geldeenheid of geld het nie, maar as 'n medium aanvaar word vir ruil deur natuurlike of regs persone en kan elektronies versend, gestoor en verhandel word.⁹

Volgens BaFin moet kripto-geldeenhede nie verwar moet word met verskillende soorte elektroniese geld wat deur ander dele van die Duitse Bankwet aangespreek word nie.

Die nuwe klassifikasie is gebaseer op definisies wat deur ander reguleerders wêreldwyd geskryf is, soos die FATF.¹⁰ BaFin het ook verduidelik dat kriptogeldeenhede voor hierdie wysing nie as een van die algemeen erkende bestaande kategorieë kripto-geldeenhede in Duitsland erken was nie.¹¹

⁵ *Ibid.*

⁶ *Ibid.*

⁷ European Commission “Anti-money laundering directive V (AMLD V) - transposition status” aanlyn beskikbaar op https://ec.europa.eu/info/publications/anti-money-laundering-directive-5-transposition-status_en [laaste besoek op 29 April 2020].

⁸ Leaders League “Germany Recognizes Cryptocurrencies as financial instruments” (2020), aanlyn beskikbaar op <https://www.leadersleague.com/en/news/germany-recognizes-cryptocurrencies-as-financial-instruments> [laaste besoek op 29 April 2020]; IFWG “Position Paper” (2020) 45.

⁹ *Ibid.*

¹⁰ Bundesanstalt für Finanzdienstleistungsaufsicht “Merkblatt: Hinweise zum Tatbestand des Kryptoverwahrgeschäfts” (2020), aanlyn beskikbaar op https://www.bafin.de/SharedDocs/Veroeffentlichungen/DE/Merkblatt/mb_200302_kryptoverwahrgesch_aeft.html [laaste besoek op 29 April 2020].

¹¹ *Ibid.*

3.3 Japan

Die Wet op Betalingsdienste¹² reguleer vanaf April 2017 die kriptouitruilondernemings wat in Japan besigheid dryf.¹³ Virtuele-gelduitruilondernemings moet geregistreer word, rekords hou, veiligheidsmaatreëls in plek stel en maatreëls tref om kliënte te beskerm.¹⁴ Hierdeur word geldwassery bekamp en maatreëls om gebruikersbeleggers te beskerm in plek gestel.¹⁵ Die Japanese Wet op Betalingsdienste¹⁶ omskryf virtuele geld as 'n eiendoms waarde. Virtuele geld word in hierdie wet soos volg gedefinieer:¹⁷

“Property value that can be used as payment for the purchase or rental of goods or provision of services by unspecified persons, that can be purchased from or sold to unspecified persons, and that is transferable via an electronic data processing system; or property value that can be mutually exchangeable for the above property value with unspecified persons and is transferable via an electronic data processing system”.

Hierdie definisie sluit normale geldeenhede of *fiat*-geldeenhede (note en munte) uit en is van toepassing alleenlik op virtuele geldeenhede wat elektronies gestoor is.¹⁸ In Japan word nie almal toegelaat om virtuele geldeenhede vir besigheids- of winsdoeleindes te bekom nie, aangesien slegs ondernemings wat by die betrokke owerheid geregistreer is, toegelaat word om met virtuele geldeenhede te handel.¹⁹ Daar word verder vereis dat die maatskappy 'n kantoor in Japan moet hê en 'n direkteur met 'n senior posisie wat uit Japan afkomstig is. Die bestuur van virtuele geldeenhede deur sulke ondernemings word onderworpe gestel aan 'n hersiening deur 'n gekwalifiseerde rekenmeester.²⁰ Japan het 'n benadering gekies wat moontlik die meeste van die probleme rondom virtuele geldeenhede aanspreek.

¹² Wet 59 van 2009.

¹³ Library of Congress Law " Regulation of Cryptocurrency: Japan" (2020), aanlyn beskikbaar op <https://www.loc.gov/law/help/cryptocurrency/japan.php> [laaste besoek op 29 April 2020].

¹⁴ *Ibid.*

¹⁵ *Ibid.*

¹⁶ Wet 59 van 2009.

¹⁷ Artikel 10.

¹⁸ Artikel 2(5).

¹⁹ Library of Congress Law "Regulation of Cryptocurrency in Selected Jurisdictions" aanlyn beskikbaar op <https://www.loc.gov/law/help/cryptocurrency/index.php> [laaste besoek op 29 April 2020].

²⁰ *Ibid.*

Hierdie benadering beperk die moontlikhede van die finansiering van terrorisme, geldwassery en ander risiko's waaraan verbruikers blootgestel mag word.²¹

Die Japanese Huis van Verteenwoordigers het in 2020 die wysiging van twee wette aanvaar, naamlik die Wet op Betalingsdienste²² en die Wet op Finansiële Instrumente en Handel²³ wat die owerheid se regulering virtuele geld sal verskerp. In plaas daarvan om nuwe wetgewing in plek te stel het die wetgewers die bestaande wetgewing gewysig om die digitale batebedryf te reguleer. Die opgedateerde Wet op Betalingsdienste²⁴ en die Wet op Finansiële Instrumente en Ruil²⁵ se terminologieë is verfyn en maak verwysing na kripto-bates in plaas van virtuele geldeenhede.

Wanneer die wet van krag is sal die Wet op Finansiële Instrumente en Handel²⁶ die aanvanklike muntaanbiedinge “*initial coin offerings*” (“ICO's”) reguleer. Die wet sal ook die mark vir verskilkontrakte of afgeleide instrumente reguleer wat tot dusver grootliks ongereguleer was en daardeur sal bedrieglike aktiwiteite hoofsaaklik uitskakel word.

3.4 China

Finansiële instellings in China word verbied om virtuele transaksies te fasiliteer.²⁷ Regulasie verhoed finansiële ondernemings om virtuele geld te besit of te verhandel.²⁸ Op 5 Desember 2013 het “*People's Bank of China*” (“PBOC”) die eerste stappe geneem ten einde die gebruik van virtuele geld te reguleer deur

²¹ *Ibid.*

²² Wet 59 van 2009.

²³ Wet 14 van 2006.

²⁴ Wet 59 van 2009.

²⁵ Wet 14 van 2006.

²⁶ *Ibid.*

²⁷ Library of Congress Law “Cryptocurrency world survey”, aanlyn beskikbaar op <https://www.loc.gov/law/help/cryptocurrency/cryptocurrency-world-survey.pdf> [laaste besoek op 29 April 2020].

²⁸ ERPS “Bitcoin Market, economics and regulation”, aanlyn beskikbaar op [https://www.europarl.europa.eu/RegData/bibliotheque/briefing/2014/140793/LDM_BRI\(2014\)140793_REV1_EN.pdf](https://www.europarl.europa.eu/RegData/bibliotheque/briefing/2014/140793/LDM_BRI(2014)140793_REV1_EN.pdf) [laaste besoek op 29 April 2020].

finansiële instellings te verbied om virtuele transaksies te hanteer.²⁹ Op 1 April 2014 het die PBOC voorts handelsbanke en betalingsondernemings beveel om binne twee weke Bitcoin-handelsrekeninge te sluit.³⁰ Virtuele geld-uitruilings of handelsplatforms is in September 2017 effektief deur regulering te verbied wat tot gevolg gehad het dat 173 sodanige platforms teen Julie 2018 gesluit is.³¹

Die Chinese regering het 'n nuwe konsepwet³² wat kriptografie sal reguleer op 7 Mei 2019 gepubliseer.³³ Die Kriptografiewet ("*Cryptography Law*") is op 26 Oktober 2019 goedgekeur en het op 1 Januarie 2020 in werking getree.³⁴ Die nuwe reguleringsraamwerk het ten doel om standarde te stel vir die toepassing van kriptografie en die bestuur van wagwoorde.³⁵ Die nuwe raamwerk skep verder die rol van 'n sentrale kriptografiese agentskap wat ten doel het om openbare kriptografiese werk te lei, sowel as riglyne en beleid vir die bedryf te skep.³⁶

Volgens die wet sal wagwoorde verdeel word in drie verskillende kategorieë, naamlik wagwoorde, algemene wagwoorde en kommersiële wagwoorde.³⁷ Dit het ten doel om China se oorgang na "*blockchain*"-tegnologie te vergemaklik³⁸ en volgens die wet sal dit nodig wees om data met 'n wagwoord te beskerm.³⁹

²⁹ Bloomberg "China Bans Financial Companies From Bitcoin Transactions" (2013), aanlyn beskikbaar op <https://www.bloomberg.com/news/articles/2013-12-05/china-s-pboc-bans-financial-companies-from-bitcoin-transactions> [laaste besoek op 29 April 2020].

³⁰ The Wall Street Journal "China Cracks Down on Bitcoin " (2014), aanlyn beskikbaar op <https://www.wsj.com/articles/china-cracks-down-on-bitcoin-1396361492?tesla=y> [laaste besoek op 29 April 2020].

³¹ Library Congress of Law " Regulation of Cryptocurrency: China" (2020), <https://www.loc.gov/law/help/cryptocurrency/china.php> [laaste besoek op 29 April 2020].

³² App In China " Cryptography Law of the People's Republic of China" (2020), <https://www.appinchina.co/government-documents/cryptography-law-of-the-peoples-republic-of-china/> [laaste besoek op 29 April 2020]. Artikel 1 van die wet bevat die algemene bepalings en stel dat die doel van die wet is om toesig te hou oor en die gebruik en administrasie van kriptografie ten einde innovasie en die ontwikkeling van kriptografie te bevorder terwyl datasekuriteit, nasionale veiligheid en die regte en belange van natuurlike en regspersone behou word.

³³ Cointelegraph "China Passes First-Ever 'Crypto Law' Going Into Effect January 2020" (2019), <https://cointelegraph.com/news/china-passes-first-ever-crypto-law-going-into-effect-january-2020> [laaste besoek op 29 April 2020].

³⁴ *Ibid.*

³⁵ *Ibid.*

³⁶ *Ibid.*

³⁷ Cointelegraph "China Enacts Crypto Law in Run-Up to State Digital Currency Debut" (2020), <https://cointelegraph.com/news/china-enacts-crypto-law-in-run-up-to-state-digital-currency-debut> [laaste besoek op 29 April 2020].

³⁸ *Ibid.*

³⁹ *Ibid.*

3 5 Suid-Korea

Die Suid-Koreaanse regering het op 5 Maart 2020 die wysiging op die Wet op Verslagdoening en Gebruik van Spesifieke Finansiële Inligting aangeneem (“*Act on Reporting and Use of Specific Financial Information*”). Hierdie nuwe wetgewing bied 'n reguleringsraamwerk vir virtuele geld en verwante diensverskaffers.⁴⁰ Voorheen het die regering slegs riglyne uitgereik en nie wetgewing in hierdie verband verorden nie.⁴¹ Die nuwe wet sal gedurende Maart 2021 deur die president geteken word en sal in werking tree binne een jaar vanaf die datum van aanneming.⁴² Entiteite wat deur hierdie wet geraak word sal teen September 2021 die wet ten volle moet nakom.⁴³ Die wysiging plaas verpligtinge teen geldwassery (“*AML*”) op virtuele gelduitruilings en diensverskaffers in ooreenstemming met die standaarde van die FATF.⁴⁴

Onder andere sal verhandelingsplatforms vir kripto-bates en ICO's volgens die wet nou verplig wees om 'n naamverifikasie vennootskap met 'n goedgekeurde Koreaanse bank te hê.⁴⁵ Hierdeur sal geldwassery voorkom word deur 'n geverifieerde individu toe te ken aan 'n bankrekening waarmee hulle *fiat*-geldeenheid kan onttrek en inbetaal. Maatskappye moet nou ook 'n ISMS sertifisering (“*Information Security Management System*”) bekom.⁴⁶

3 6 Nederland

⁴⁰ Bitcoin.com "South Korea Passes Bill to Regulate Cryptocurrency in Line With FATF Standards" (2020), <https://news.bitcoin.com/south-korea-bill-cryptocurrency/> [laaste besoek op 29 April 2020].

⁴¹ *Ibid.*

⁴² *Ibid.*

⁴³ *Ibid.*

⁴⁴ *Ibid.*

⁴⁵ Thenews.asia "Amendment to Special Reporting Act Passes – Cryptocurrency Now Fully Legal in South Korea" (2020), <https://thenews.asia/amendment-to-special-reporting-act-passes-cryptocurrency-trading-now-legal-in-south-korea/> [laaste besoek op 29 April 2020].

⁴⁵ *Ibid.*

⁴⁶ *Ibid.*

Verskeie Nederlandse Ministers het 'n beroep op die regering gedoen om virtuele geld te reguleer weens geldwassery.⁴⁷ Nederland erken virtuele geld nie as wettige tender nie, alhoewel 'n Nederlandse hof in 2018 beslis het dat Bitcoin 'n wettige 'oordraagbare waarde' was vir doeleindes van betaling van 'n boete.⁴⁸

Die Nederlandse sentrale bank, De Nederlandsche Bank, het op 3 September 2019 aangekondig dat hulle op 10 Januarie 2020 sou begin om maatskappye te reguleer wat kripto-dienste aanbied wat sou inhou dat sodanige maatskappye moet registreer om in die besigheid te bly.⁴⁹ Dit beteken dat ondernemings wat dienste bied vir die uitruil van kriptos en gewone geld en kripto-beursieverskaffers by De Nederlandsche Bank moet registreer.⁵⁰

Die Nederlandse Sentrale Bank is die regulerende liggaam wat die nuwe regulasies toepas en vereis dat diensverskaffers van kripto-bates onder die land se Sanksie Wet⁵¹ moet optree.⁵² Hierdie wet maak voorsiening vir bepalings vir alle instellings onder toesig en die Nederlandse Sentrale Bank vereis dat kripto bate-diensverskaffers moet voldoen aan dieselfde regulasies. Ingevolge die Sanksie Wet⁵³ moet kripto bate diensverskaffers seker maak of hulle kliënte en begunstigde eienaars op 'n Nederlandse of Europese sanksielys is en enige oortreders rapporteer.⁵⁴

In terme van die reëls van die Nederland en die Europese Unie word daar afgedwing dat geen individu of entiteit op 'n sanksielys fondse mag ontvang nie.⁵⁵ Enige

⁴⁷ Cointelegraph "Dutch Central Bank: Crypto Firms to Be Regulated as of January 2020" (2019), <https://cointelegraph.com/news/dutch-central-bank-crypto-firms-to-be-regulated-as-of-january-2020> [laaste besoek op 29 April 2020].

⁴⁸ *Ibid.*

⁴⁹ Reuters "Dutch central bank to regulate crypto firms from Jan. 10, orders them to register" (2019), <https://uk.reuters.com/article/uk-netherlands-cenbank-crypto-currency/dutch-central-bank-to-regulate-crypto-firms-from-jan-10-orders-them-to-register-idUKKCN1VO0SV> [laaste besoek op 29 April 2020].

⁵⁰ *Ibid.*

⁵¹ Wet van 1977.

⁵² Bitcoin FT "Netherlands' New Law on Cryptocurrency Service Providers: Clients Must Explain Why They Want To Buy Bitcoin" (2020), <https://bitcoinfo.com/netherlands-new-law-on-cryptocurrency-service-providers-clients-must-explain-why-they-want-to-buy-bitcoin/> [laaste besoek op 29 April 2020].

⁵³ Wet van 1977.

⁵⁴ Bitcoin FT "Netherlands' New Law on Cryptocurrency Service Providers: Clients Must Explain Why They Want To Buy Bitcoin" (2020), <https://bitcoinfo.com/netherlands-new-law-on-cryptocurrency-service-providers-clients-must-explain-why-they-want-to-buy-bitcoin/> [laaste besoek op 29 April 2020].

⁵⁵ *Ibid.*

organisasie of kripto bate-diensverskaffer wat nie hieraan voldoen nie staar regstap in die gesig onder die Wet op Ekonomiese Misdrywe.⁵⁶

3.7 Frankryk

Die afgelope paar jaar was Frankryk aan die voorpunt van die "*blockchain*"-rewolusie in die Europese Unie, terwyl die Franse regering geleidelik 'n gunstige wetsraamwerk vir die ICO's opgestel het in samewerking met verskillende spelers in die Franse kripto-stelsel.⁵⁷

In April 2016 het Frankryk die eerste land geword om "*blockchain*"-tegnologie op die gebied van kontantbewyse te erken wat as "*minibons*" bekend staan.⁵⁸ Hierdie is 'n spesifieke skuldbrief wat hoofsaaklik gebruik word in transaksies deur skare-uitleentransaksies ("*P2P*" transaksies), deur uitreikers toe te laat om "*minibons*" direk in die *blockchain* te registreer.

In Oktober 2017 het die Franse Finansiële Markte Reguleerder (die "*Autorité des Marchés Financiers*" oftewel "AMF") 'n unieke ondersteunings- en navorsingsprogram vir digitale bates genaamd "*UNICORN*" bekend gestel ("Universal Node to ICO's Research & Network") om ICO's te ondersteun en te analiseer, wat op dieselfde manier as 'n "sandbox"-program werk.⁵⁹ 'n Wyse om innovasie aan te moedig tydens die bestuur van risiko's, is deur 'n "sandbox".⁶⁰ 'n Regulatoriese "sandbox" skep 'n veilige ruimte waarin ondernemings innoverende produkte, dienste, sakemodelle en afleweringse meganismes kan toets.⁶¹ Inisiatiewe soos 'n "sandbox" verbeter die interaksie tussen verskillende rolspelers om die

⁵⁶ Wet van 1950.

⁵⁷ Global Legal Insights "Blockchain & Cryptocurrency Regulation 2021 France" (2020), <https://www.globallegalinsights.com/practice-areas/blockchain-laws-and-regulations/france> [laaste besoek op 29 April 2020].

⁵⁸ *Ibid.*

⁵⁹ *Ibid.*

⁶⁰ Spruyt (2018) TSAR 723.

⁶¹ *Ibid.*

ontwikkeling van innoverende tegnologieë en sakemodelle vir finansiële dienste te vergemaklik.⁶²

In Desember 2017 het Frankryk 'n spesifieke ordonnansie aangeneem om die eerste land te word om die registrasie en oordrag van ongenoteerde effekte deur middel van “*blockchain*”-tegnologie te magtig.⁶³

In Maart 2018 het Bruno Le Maire, die Franse Minister van Ekonomie, verklaar dat hy wil hê dat Parys die hoofstad van ICO's moet word, deur die implementering van 'n baie innoverende opsionele wetlike raamwerk vir ICO's.⁶⁴ Na afloop van hierdie aankondiging het die Franse Strategie en Voornemende Algemene-Kommissie in Junie 2018 'n verslag gepubliseer wat verband hou met *blockchain* en virtuele geld en het verskeie hervormings voorgestel om die ontwikkeling van hierdie tegnologie in Frankryk moontlik te maak.⁶⁵

In Desember 2018 het Frankryk 'n besluit aanvaar wat die voorwaarde stel waardeur ongenoteerde sekuriteite geregistreer en oorgedra kan word met behulp van “*blockchain*”-tegnologie, waardeur dit moontlik gemaak was om sekuriteits-munte in Frankryk te ontwikkel.⁶⁶ Die AMF, het vanaf 1 Januarie 2020 nuwe reëls vir die lisensiering van diensverskaffers van digitale bates vrygestel.⁶⁷ Die nuwe reëls is in ooreenstemming met die nuwe Europese anti-geldwassery direktief, die AMLD-5⁶⁸ wat bepaal dat EU-lidlande by die nasionale wetgewing moet integreer.⁶⁹

⁶² Spruyt (2018) *TSAR 723*; Basel Committee on Banking Supervision (BCBS) *Sound Practices: Implications of Fintech Developments for Banks and Bank Supervisors* (2018) 38.

⁶³ Global Legal Insights “Blockchain & Cryptocurrency Regulation 2021 France” (2020), <https://www.globallegalinsights.com/practice-areas/blockchain-laws-and-regulations/france> [laaste besoek op 29 April 2020].

⁶⁴ *Ibid.*

⁶⁵ *Ibid.*

⁶⁶ *Ibid.*

⁶⁷ Ico.li “ French Regulator Publishes New Regulations For Crypto Firms” (2020), <https://www.ico.li/french-regulator-publishes-new-regulations-for-crypto-firms/> [laaste besoek op 29 April 2020].

⁶⁸ European Commission “Anti-money laundering directive V (AMLD V) - transposition status” aanlyn beskikbaar op https://ec.europa.eu/info/publications/anti-money-laundering-directive-5-transposition-status_en [laaste besoek op 29 April 2020].

⁶⁹ Ico.li “ French Regulator Publishes New Regulations For Crypto Firms” (2020), <https://www.ico.li/french-regulator-publishes-new-regulations-for-crypto-firms/> [laaste besoek op 29 April 2020].

Die Ministerie van Finansies in Frankryk het die landsburgers verras deur nuwe regulasies voor te stel vir enige transaksie wat met kripto-dienste uitgevoer word. Riglyne word voorberei wat van toepassing sal wees op alle ondernemings in die kripto-ekosisteem en op transaksies wat kripto bates gebruik.⁷⁰

Die bepaling bevat nuwe “Ken Jou Kliënt”-maatreëls (“*Know Your Customer*”) vir ondernemings wat die versending of verhandeling van kriptodienste ondersteun en hierby sal toesig oor transaksies tussen kripto bates bewerkstellig word.⁷¹ Die regulasie bevat ook 'n vereiste dat gebruikers twee amptelike identiteitsdokumente moet toon wat deur die regering uitgereik is.⁷²

Aangesien die nuwe riglyne as 'n staatsbesluit beskou word is daar geen parlementêre bespreking nodig nie.⁷³ Die Franse Raad van Ministers het gedurende die begin van Desember 2021 'n verordening onderskryf wat 'n reeks maatreëls bevat om die toesig oor kripto-bate aktiwiteite te verskerp. Die verordening behoort oor ses maande van die datum inwerking te tree.⁷⁴

3.3 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is ondersoek ingestel na hoe verskillende lande se posisies ten aansien van virtuele geld ontwikkel en uitgebrei is. Daar kan op gelet word dat Duitsland veral groot vordering gemaak het in vergelyking met ander lande wat virtuele geld reguleer. Alhoewel daar toegegee kan word dat daar goeie vordering in die bogenoemde lande is, moet daar nog baie werk gedoen word om seker te maak virtuele geld geniet dieselfde beskerming as *fiat* geld. Vordering ten aansien van die regulering van virtuele geld wat gemaak is in lande soos Frankryk en Duitsland kan 'n waardevolle voorbeeld vir Suid Afrika wees.

⁷⁰ Global Crypto Press Association Press Newsroom "French Government Surprises Companies and Citizens With Proposal Of STRICT New Requirements For Crypto Traders..." (2020), <https://www.globalcryptopress.com/2020/12/french-government-surprises-companies.html> [laaste besoek op 29 April 2020].

⁷¹ *Ibid.*

⁷² *Ibid.*

⁷³ *Ibid.*

⁷⁴ Bitcoin.com " France Approves New Cryptocurrency Measures to Fight Anonymous Transactions" (2020), <https://news.bitcoin.com/france-new-cryptocurrency-measures-fight-anonymous-transactions/> [laaste besoek op 7 Februarie 2021].

Onderregulering het die moontlikheid om onvoorsiene risiko's in te hou terwyl oorregulering hoë kostes kan meebring. Elke land behoort 'n ooreenkomstige proporsionele en gebalanseerde regulatoriese benadering te volg om te verseker dat internasionale transaksies op dieselfde wyse aangespreek kan word. Daar moet wel oorweging gegee word aan 'n regulatoriese benadering wat die beste geskik is op die unieke risiko's wat hulle reguleringstelsel moontlik in die gesig kan staar.

'n Progressiewe stap vir die toekoms kan wees dat Suid-Afrika formeel sy eie virtuele geldeenheid aanneem soos China wat van plan is om binne die volgende jaar hulle eie virtuele geldeenheid bekend te stel gebaseer op China se eie behoeftes⁷⁵, maar die huidige en toekomstige reguleringstelsels wat wêreldwyd toegepas word kan as 'n goeie maatstaf dien om 'n moontlike algehele reguleringstelsels te ontwikkel.

Nathan is van opinie dat as dit kom by die regulering van ontwrigtende tegnologie ("*disruptive technology*") soos krypto-bates, is die tydsberekening van regulering belangrik en hy is verder van opinie dat elke land hulle eie benadering moet toepas wat die beste geskik is in hulle spesifieke situasie met inagneming van hulle beskikbare hulpbronne en die risiko's wat krypto-bates vir hulle land inhou.⁷⁶

Myns insiens verskaf krypto bates 'n oplossing wat *fiat* geld verouderd kan maak. Kripto-geldeenhede bemagtig mense om hulle eie bank en betaalmiddel te wees. Die belangrikste uitdagings is wel die regulering. Die beslissende faktor ten aansien van die vraag of krypto-bates uiteindelik kontant sal vervang sal bepaal word deur die toekomstige aanneming van krypto-bates as betaalmiddel deur gebruikers. Sodra dit eers volledig geïntegreer word in ons lewens sal die potensiaal van krypto bates egter die moontlikheid kan hê om die wêreld op verskeie maniere te verander.

⁷⁵ CNBC "China's virtual currency could be launched 'quite soon,' says fund manager" (2019), <https://www.cnbc.com/2019/11/20/chinas-virtual-currency-could-be-launched-quite-soon-says-fund-manager.html> [laaste besoek op 29 April 2020].

⁷⁶ Nathan (2014) 29(1) *BTLJ* 175.

Hoofstuk 4:

Die regulering van krypto-bates in Suid Afrika

4. Definiëring en klassifisering van krypto-bates

4.1 Inleiding

In terme van die Reserwebank se posisie ten opsigte van krypto-bates is daar tans geen spesifieke parlementêre wetgewing wat uitgevoer is in ooreenstemming met die Reserwebank se mandaat waardeur krypto-bates gereguleer word nie. Die Reserwebank het egter 'n Posisiedokument oor virtuele geldeenhede in 2014 ten aansien van krypto-bates uitgereik. Die Interregerings Finansiële Tegnologie Werkgroep ("*Intergovernmental FinTech Working Group*" ("IFWG")) het ook 'n Besprekingsdokument en 'n Posisiedokument uitgereik wat hieronder in meer besonderhede bespreek sal word. Die Reserwebank se Posisiedokument word in vyf dele verdeel: die samevatting, die agtergrond van krypto-bates, die klassifikasie van belangrike terme en konsepte, die risiko's wat krypto-bates inhou en die gevolgtrekking.

Die opsomming van die Reserwebank se Posisiedokument beklemtoon die behoefte van die Reserwebank om op krypto-bates te reageer vir sover dit die mandaat en verantwoordelikhede van die Reserwebank beïnvloed.¹

In die Posisiedokument word dieselfde definisie gegee aan 'n krypto-bates² as in die Finansiële Aksietaakgroep ("*Financial Action Task Force*" ("FATF")) se verslag³ oor

¹ South African Reserve Bank National Payment System Department "Position Paper on virtual currencies" aanlyn beskikbaar op [https://www.resbank.co.za/RegulationAndSupervision/NationalPaymentSystem\(NPS\)/Legal/Documents/Position%20Paper/Virtual%20Currencies%20Position%20Paper%20%20Final_02of2014.pdf](https://www.resbank.co.za/RegulationAndSupervision/NationalPaymentSystem(NPS)/Legal/Documents/Position%20Paper/Virtual%20Currencies%20Position%20Paper%20%20Final_02of2014.pdf) [laaste besoek op 22 Januarie 2021].

² Krypto-bates word gedefinieer as 'n digitale weergawe van waarde wat digitaal verhandel kan word en funksioneer as 'n ruilmiddel, 'n eenheid van rekening en waarin waarde gestoor kan word, maar dit het nie die status van wettige betaalmiddel nie.

³ FATF Report "Virtual Currencies: Key Definitions and Potential AML/CFT Risks" aanlyn beskikbaar op

virtuele geldeenhede. Die Posisiedokument gee 'n algemene bespreking oor omskepbare virtuele geldeenhede en verduidelik hoe virtuele geldeenhede soortgelyke funksies verrig as ander funksionariesse in die finansiële stelsel.

Sedert die publikasie van die Reserwebank se Posisiedokument is daar geen verdere verklaring uitgereik wat die Reserwebank se posisie verander het nie. Die Posisiedokument is steeds van toepassing en relevant, behalwe om by te voeg dat daar 'n Besprekingsdokument⁴ en Posisiedokument⁵ uitgereik is deur die IFWG wat die regulering van kripto-bates in Suid-Afrika in meer besonderhede bespreek.

Die IFWG Besprekingsdokument dui aan dat daar vanuit 'n reguleringsperspektief duidelikheid oor die term “kripto-bates” noodsaaklik is, aangesien dit 'n direkte invloed op die term se klassifikasie en gepaardgaande reguleringsbenadering het.⁶ Ondanks die verskillende terminologie wat gebruik word is die kripto-verskynsel gewoonlik gebaseer op gedesentraliseerde tegnologie soos "*blockchain*" en gedeelde elektroniese lêer tegnologie ("*distributed ledger technology*").⁷

Die definisies wat gebruik word fokus volgens die Besprekingsdokument meestal op die elektroniese aard daarvan, die potensiële rol daarvan as 'n medium van handel en die gedagte as 'n voorstelling van waarde.⁸ Sommige jurisdiksies het dit as 'n rekeneenheid geklassifiseer, terwyl ander dit as 'n finansiële instrument soos 'n sekuriteit of ander finansiële produk verwerp het.⁹ Die Besprekingsdokument dui voorts aan dat sentrale banke huiwerig is om na kripto-bates as 'n geldeenhede te verwys, aangesien dit nie as 'n vorm van wettige tender of 'n *fiat*-geldeenhede beskou word nie. Die Finansiële Intelligensiesentrum ("*Financial Intelligence Centre*") het 'n funksionele benadering gevolg, met die klem op die ekonomiese aktiwiteite wat

<https://www.fatf-gafi.org/documents/documents/virtual-currency-definitions-aml-cft-risk.html>
[laaste besoek op 22 Januarie 2021].

⁴ IFWG “Position Paper” (2020).

⁵ *Ibid.*

⁶ IFWG “Position Paper” (2020) 8.

⁷ *Ibid.*

⁸ *Ibid.*

⁹ *Ibid.*

uitgevoer word in vergelyking met 'n meer generiese allesomvattende klassifikasie.¹⁰ Daar word erken dat krypto-bates sekere funksies kan verrig soortgelyk aan dié van tradisionele geldeenhede, sekuriteite of finansiële produkte en kommoditeite.

Die term “krypto-bates” word volgens die Besprekingsdokument verkies, aangesien dit hierdie funksies omvat en uitbrei.¹¹ Krypto-bates word gesien as 'n breër term vir verskillende krypto-bate-munte.

Hierdie munte kan in drie soorte krypto-bates geklassifiseer word:¹²

(i) Ruil- of betalingsmunt: dit is munte wat ontwerp is om gebruik te word as 'n ruil- of betaalmiddel vir die koop van goedere en dienste. Sommige gebruikers gebruik dit ook vir beleggingsdoeleindes.

(ii) Sekuriteitsmunte: Hierdie munte bied regte soos eienaarskap, die terugbetaling van 'n spesifieke bedrag geld of die reg op 'n aandeel in toekomstige winste.

(iii) Nutsmunt: hierdie munte kan gebruik word vir toegang tot 'n spesifieke produk of diens wat gewoonlik op 'n gedeelde grootboeke tegnologie platform aangebied word.

Die regulerende owerhede het die volgende definisie van krypto-bates aangeneem soos deur die IFWG uiteengesit is:¹³

"A crypto asset is a digital representation of value that is not issued by a central bank, but is traded, transferred and stored electronically by natural and legal persons for the purpose of payment, investment and other forms of utility, and applies cryptography techniques in the underlying technology."

Hierdie hoofstuk fokus op die wyse van regulering van die vyf klasse van krypto-bates soos uitgewys is deur die IFWG.¹⁴ Daar word aanbevelings gemaak ten aansien van elke klas en daarna word 'n gevolgtrekking gemaak.

¹⁰ *Ibid.*

¹¹ *Ibid.*

¹² IFWG “Position Paper” (2020) 9.

¹³ IFWG “Position Paper” (2020) 9.

4.2 Algehele beleidsposisie vir kripto-bates in Suid-Afrika in terme van die vyf klasse van kripto-bates in terme van die IFWG se Besprekingsdokument:

Kragtens die Besprekingsdokument erken die regulerende owerhede kripto-bates as 'n nuwe finansiële innovasie en beveel hulle aan dat, waar toepaslik, dit binne die regulatoriese raamwerk geakkommodeer moet word en dat voldoende regulatoriese voorsorgmaatreëls toegepas kan word.¹⁵ Die beleidsaanbevelings is gebaseer op die bestaande posisie en huidige vlakke van aanneming, aanvaarding en gebruik van kripto-bates.¹⁶ Die regulerende owerhede behou dus die reg voor om hulle beleid te verander indien kripto-bates in die toekoms 'n wesenlike risiko vir hulle onderskeie regulatoriese mandate mag inhou.¹⁷

Beide algemene en spesifieke risiko's is uitgelig wat relevant is ten aansien van die regulering van kripto-bates.¹⁸ In ooreenstemming met die uiteengesette doelstellings en beginsels word spesifieke vereistes per kripto-gebruiksgeval uitgelig.¹⁹ Die beleidsposisie sal die regulatoriese benadering uiteensit wat deur die toepaslike en relevante regulerende owerhede geïmplementeer sal word.²⁰

In die beleidsposisie is bestaande wetlike en regulatoriese raamwerke sowel as regulatoriese ontwikkelings oorweeg, soos die Konsepwetsontwerp op die Gedrag van Finansiële Instellings (“CoFI”-wetsontwerp)²¹ en die Finansiële Markteorsig (“*Financial Markets Review*”).²²

4.3. Beleidsposisie en aanbeveling vir elke geval van gebruik van kripto-bates

¹⁴ Intergovernmental “FinTech Working Group “Position Paper on Crypto Assets” 2020, aanlyn beskikbaar op https://www.ifwg.co.za/wp-content/uploads/IFWG_CAR_WG-Position_Paper_on_Crypto_Assets.pdf [laaste besoek op 19 April 2020].

¹⁵ IFWG “Position Paper” (2020) 23.

¹⁶ *Ibid.*

¹⁷ *Ibid.*

¹⁸ *Ibid.*

¹⁹ *Ibid.*

²⁰ *Ibid.*

²¹ Konsepwetsontwerp op die Gedrag van Finansiële Instellings 519 van 2020.

²² Wet 19 van 2012; IFWG “Position Paper” (2020) 23.

4.3.1 Die aankoop, koop en of verkoop van krypto-bates deur verbruikers en regspersone

(a) Beleidsposisie

Ingevolge die IFWG Besprekingsdokument moet daar in die regulatoriese raamwerk van die “*Twin Peaks*” model vir die koop en verkoop van krypto-bates voorsiening gemaak word.²³ Gespesifiseerde dienste soos uiteengesit in aanbeveling 1 wat gelewer word ten opsigte van krypto-bates moet as finansiële dienste geklassifiseer word en moet vanuit 'n besigheidsperspektief oor toesig gehou en gereguleer word.²⁴

(b) Aanbevelings deur die IFWG

Die IFWG het verskeie aanbevelings gemaak ten aansien van die ontwikkeling van 'n reguleringsraamwerk vir krypto-bates, insluitend voorstelle oor die vereiste regulatoriese veranderinge wat geïmplementeer moet word. Slegs die aanbevelings wat relevant is vir doeleindes van hierdie navorsing sal hierna bespreek word.

Aanbeveling 9:

Volgens die Besprekingsdokument moet die gespesifiseerde dienste gelewer ten opsigte van krypto-bates soos hierbo genoem, ingesluit word by die definisie van “finansiële dienste” in artikel 3 (1) (a) van die Wet op die Regulering van die Finansiële Sektor (“*Financial Sector Regulation Act*”)²⁵ wat die regsraamwerk vir die Suid-Afrikaanse “*Twin Peaks*” model daarstel.²⁶ As 'n finansiële diens word daar verder voorgestel dat dienste wat verband hou met die koop en verkoop van krypto-bates by die lisensiëringsaktiwiteite onderworpe aan die “CoFI”-wetsontwerp ingesluit moet word.²⁷

Aanbeveling 10:

²³ IFWG “Position Paper” (2020) 27.

²⁴ *Ibid.*

²⁵ Wet 9 van 2017.

²⁶ IFWG “Position Paper” (2020) 27.

²⁷ *Ibid.*

Die owerheid binne die Twin Peaks-model wat besigheidsgedrag van finansiële instellings reguleer, naamlik die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor ("*Financial Sector Conduct Authority*" ("FSCA")), moet ingevolge aanbeveling 9 die verantwoordbare gesag word vir die lisensiëring van dienste wat verband hou met die koop en verkoop van kripto-bates en moet spesifieke gedragstandaarde vir hierdie dienste ontwikkel.²⁸

Aanbeveling 11:

Die IFWG stel voor dat die Reserwebank se Finansiële Toesigdepartement toesighoudende en regulatoriese verantwoordelikheid moet aanneem vir die monitering van die vloeï van onwettige finansiële fondse oor grense deur die gebruik van kriptobates.²⁹

Aanbeveling 12:

Die IFWG stel voor dat die Reserwebank se Finansiële Toesigdepartement die Minister van Finansies moet versoek om Regulasie 10 (4) van die Valutabeheerregulasie³⁰ ("*Exchange Control Regulation*") te wysig om kriptobates in te sluit in die definisie van "kapitaal" vir doeleindes van Regulasie 10 (1)(c).³¹

Aanbeveling 13:

Dit word verder voorgestel dat die Reserwebank se Finansiële Toesigdepartement die Valuta en Ruilhandleiding vir Gemagtigde Handelaars ("*AD manual*") wysig om gemagtigde handelaars in staat te stel om buitelandse transaksies te fasiliteer en te rapporteer ten opsigte van kriptobates (insluitend die oordrag van *fiat*-geldeenhede met die doel om kriptobates buite die grense te koop deur die verhandelingsplatform vir kriptobates).³² Die IFWG meen ook dat 'n spesifieke betalingsbalanskategorie vir die

²⁸ IFWG "Position Paper" (2020) 28.

²⁹ *Ibid.*

³⁰ Valutabeheerregulasie 1961.

³¹ IFWG "Position Paper" (2020) 28.

³² *Ibid.*

rapportering van krypto-bate-transaksies geskep moet word en dat sodanige rapportering 'n verpligting moet wees.³³

Aanbeveling 19

Die Finansiële Intelligensiesentrum Gedragsowerheid vir Finansiële sektor moet Bylae 1 van die Wet op Finansiële Intelligensiesentrum³⁴ wysig om alle diensverskaffer van krypto-bates in te sluit as 'n nuwe kategorie verantwoordbare instellings wat ingevolge artikel 73(3) van die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum³⁵ uitgevaardig moet word.³⁶

Aanbeveling 20:

Die IFWG bevel ook aan dat alle vereistes ingevolge die FATF-aanbevelings vir virtuele bates en diensverskaffers van virtuele bates van toepassing moet wees op diensverskaffer van krypto-bates.³⁷

4.3.2 Die gebruik van krypto-bates om vir goedere en dienste (betalings) te betaal

(a) Beleidsposisie

Daar word tans nie onder die bestaande regulatoriese raamwerke vir die vermoë om betalings met krypto-bates te maak voorsiening gemaak nie. Die Wet op die Nasionale Betaalstelsel³⁸ (“NPS-wet”) bevat geen vereistes rakende die gebruik van krypto-bates nie.³⁹ Aanbeveling 15 van die hersiene Besprekingsdokument van die Nasionale

³³ *Ibid.*

³⁴ Wet 1 van 2017.

³⁵ Wet 1 van 2017.

³⁶ Die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum het den doel om die opbrengs van onwettige aktiwiteite te identifiseer; geldwassery te bestry en die finansiering van terroriste en verwante aktiwiteite te bekamp. Die wet doen dit deur 'n wetlike raamwerk te skep vir effektiewe identifikasie en verifikasie van kliëntidentiteite; rekordhouding; verslagdoeningsprosesse; personeel opleiding; voldoeningsvereistes en deur die instelling van die Finansiële Intelligensiesentrum (*Financial Intelligence Centre*) en die Adviesraad teen Geldwassery (Counter-Money Laundering Advisory Council); IFWG “Position Paper” (2020) 28.

³⁷ IFWG “Position Paper” (2020) 29.

³⁸ Wet 78 van 1998.

³⁹ IFWG “Position Paper” (2020) 29.

Betaalstelselwet⁴⁰ bepaal dat daar van die Reserwebank verwag moet word om opkomende risiko's te monitor en daarop te reageer, en dat die NPS-wet voorsiening moet maak dat die Reserwebank kan ingryp deur 'n nuwe of ongereguleerde aktiviteit op te neem binne die regulatoriese raamwerk.⁴¹ Die IFWG meen dat die gebruik van krypto-bates vir betalingsdoeleindes oorweeg kan word en dit mag voorlopig op eie risiko deur gebruikers deur die Nasionale Departement van Betalingsstelsels van die Reserwebank oorweeg word wat van geval tot geval sal wissel.⁴²

(b) Aanbevelings

Aanbeveling 21:

Die IFWG dui aan dat die NPS-wet besig is om te hersien te word en daarom word aanbeveel dat daar gekyk word na die insluiting van 'n bemagtigende bepaling in die wetgewende raamwerk vir die regulering van die gebruik van krypto-bates vir binnelandse betalingsdoeleindes en/of die regulering van betalingsdienste wat met krypto-bates verband hou.⁴³ Betalings wat krypto-bates gebruik, sal in die tussentydperk onderworpe wees aan 'n regulerende “sandbox”-benadering⁴⁴, waar die gebruik van krypto-bates vir binnelandse betalings in 'n gekontroleerde omgewing beoordeel kan word om die gevolge van moontlike aanvaarding te bepaal.⁴⁵

4.3.3 “Initial coin offerings” (ICO's):

(a) Beleidsoorwegings:

Die IFWG wys uit dat die gebruik van ICOs as 'n manier om kapitaal te bekom binne die regulatoriese raamwerk van aanvangsonderneming om kapitaal te verkry

⁴⁰ Wet 78 van 1998.

⁴¹ IFWG “Position Paper” (2020) 29.

⁴² *Ibid.*

⁴³ *Ibid.*

⁴⁴ Verwys na paragraaf 3.7 van hoofstuk 3.

⁴⁵ IFWG “Position Paper” (2020) 29.

geakkommodeer word.⁴⁶ 'n Regulerende raamwerk sal verseker dat hierdie alternatiewe manier om kapitaal te verkry binne 'n omskrewe raamwerk sal plaasvind.⁴⁷

(b) Aanbevelings

Aanbeveling 22:

Die regulerende werkgroep vir kripto-bates beveel aan dat die regulering van ICO-uitreikers so ver moontlik in lyn gebring moet word met die regulering van die uitreikers van sekuriteite of *'on-the-counter'* finansiële instrumente.⁴⁸ Daarom word aanbeveel dat aanbiedinge van sekuriteitsbewyse onderhewig is aan regulasies kragtens die sekuriteite wetgewing, ingevolge die Finansiële Markte Wet.⁴⁹

Aanbeveling 24:

Die diensverskaffer wat kripto-bates uitreik of finansiële dienste lewer wat verband hou met die aanbod of verkoop van 'n kripto-bate van 'n uitreiker moet voldoen aan die anti-geldwassery ("*anti-money laundering*" ("AML")) of finansieringsreëls teen terrorisme ("*countering financing of terrorism*" ("CFT")) vereistes⁵⁰ en moet 'n toerekenbare instelling soos in die voorgestelde voorgestelde wysiging van Bylae 1 van die Wet op die Sentrum vir Finansiële Intelligensie wees.⁵¹

4.3.4 Kripto-batesfondse en afgeleide instrumente ("*derivatives*"):

⁴⁶ *Ibid.*

⁴⁷ *Ibid.*

⁴⁸ IFWG "Position Paper" (2020) 30.

⁴⁹ Wet 19 van 2012.

⁵⁰ Anti-geldwassery verwys na die wette, regulasies en prosedures wat daarop gemik is om te verhoed dat misdadigers onwettig verkrygte fondse as wettige inkomste te verdoesel. Alhoewel wette teen geldwassery 'n beperkte verskeidenheid transaksies en kriminele gedrag reguleer is die implikasies daarvan verreikend. Anti-geldwassery regulasies vereis byvoorbeeld dat banke en ander finansiële instellings wat krediet uitreik of deposito's van klante ontvang voorgeskrewe reëls moet volg wat verseker dat geldwassery nie ondersteun word nie; Investopedia "Anti Money Laundering (AML)" (2020), aanlyn beskikbaar op <https://www.investopedia.com/terms/a/aml.asp> [laaste besoek op 23 Januarie 2021].

⁵¹ Wet 38 van 2001.

(a) Beleidsposisie

Die IFWG wys uit dat die huidige benadering tot regulering is om die bateklasse te spesifiseer waarin beleggingskemas en pensioenfondse mag belê.⁵² Dit word aanbeveel dat krypto-bates geakkommodeer word as die onderliggende bate in die ontwikkeling van spesifieke beleggingsfondse en afgeleide produkte binne die regulatoriese raamwerk.⁵³ Daarom word aanbeveel dat die samevoeging van krypto-bates as 'n alternatiewe beleggingsfonds beskou moet word en dat sulke fondse toegelaat word om krypto-bates in hulle portefeuljes in te sluit.⁵⁴ Die Wet op Finansiële Markte⁵⁵ reguleer afgeleide instrumente (“*derivatives*”).⁵⁶ Volgens die IFWG is die definisie van 'n 'afgeleide instrument' in die Wet op Finansiële Markte⁵⁷ agnosties met betrekking tot die aard van die onderliggende of verwysde bate.⁵⁸ Die IFWG meen dus dit sou moontlik wees om 'n afgeleide instrument te skep met verwysing na krypto-bates as 'n onderliggende bate.⁵⁹

(b) Aanbevelings:

Aanbeveling 25:

Dit word aanbeveel dat die samevoeging van krypto-bates beskou word as 'n alternatiewe beleggingsfonds wat dus 'n lisensiëringsaktiwiteit moet word ingevolge die “CoFI”-wetsontwerp.⁶⁰ Die IFWG is egter van mening dat nie toegelaat moet word dat 'n kollektiewe beleggingskema krypto-bates in sy portefeuljes insluit nie.⁶¹

Aanbeveling 26:

⁵² IFWG “Position Paper” (2020) 30.

⁵³ *Ibid.*

⁵⁴ *Ibid.*

⁵⁵ Wet 19 van 2012.

⁵⁶ IFWG “Position Paper” (2020) 30.

⁵⁷ Wet 19 van 2012.

⁵⁸ IFWG “Position Paper” (2020) 30.

⁵⁹ *Ibid.*

⁶⁰ *Ibid.*

⁶¹ *Ibid.*

Die IFWG stel verder voor dat die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor moet bepaal of kripto-bates as toelaatbare bates beskou moet word vir die verspreidingsvereistes van pensioenfondse, soos beoog in item 8.1(c) van Tabel 1 van regulasie 28 van die regulasies gemaak ingevolge die Wet op Pensioenfondse.⁶²

Aanbeveling 27:

Volgens die IFWG moet instellings wat oor die toonbank instrumente met kripto-bates as die onderliggende bateklas uitreik deur die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor gelisensieer word.⁶³ Daar word verder aanbeveel dat die huidige regulerende raamwerk uitgebrei word om spesifieke vereistes vir afgeleide instrumente vir kripto-bates in te sluit, insluitend dat vereffening in kontant of *fiat*-geldeenheid moet geskied.⁶⁴

Aanbeveling 28:

Die diensverskaffer van kripto-bates wat 'n alternatiewe beleggingsfonds of afgeleide instrumente vir die kripto-bates bied moet voldoen aan die geldwassery en finansiering van terrorisme-vereistes, soos uiteengesit in item 5 van Bylae 1 van die Wet op die Sentrum vir Finansiële Intelligensie.⁶⁵

4.3.5 Kripto-bate markondersteunings dienste:

(a) Beleidsposisie

Die IFWG stel voor dat 'n diensverskaffer van kripto-bates wat spesifieke dienste lewer, soos veilige bewaringsdienste of voorsiening van digitale beursies, ingesluit word binne die bestek van regulatoriese verpligtinge soos hieronder uiteengesit.⁶⁶ Die mate waarin dit moontlik is om al hierdie ondersteuningsaktiwiteite in die regulatoriese raamwerk te akkommodeer moet egter steeds deur die regulerende owerhede oorweeg word.⁶⁷ Die ontginning van kripto-bates word nie as 'n wesentliche risiko beskou nie en daarom meen

⁶² Wet 24 van 1956; IFWG “Position Paper” (2020) 31.

⁶³ IFWG “Position Paper” (2020) 31.

⁶⁴ *Ibid.*

⁶⁵ Wet 38 van 2001.

⁶⁶ IFWG “Position Paper” (2020) 31.

⁶⁷ *Ibid.*

die IFWG dat geen spesifieke regulatoriese verpligtinge nodig is vir entiteite wat aan hierdie aktiwiteite deelneem nie.⁶⁸ Waar addisionele finansiële dienste of beleggingsvoertuie verkry word uit die ontginning van kripto-bates, moet sulke finansiële dienste of beleggingsvoertuie egter volgens die IFWG oorweeg word binne die bestek van kripto-bate-dienste wat as 'n finansiële diens verklaar word.⁶⁹

(b) Aanbevelings:

Aanbeveling 29:

In ooreenstemming met aanbevelings 9 en 10 beveel die IFWG aan dat 'n diensverskaffer van kripto-bates wat bewaringsdienste en of digitale beursies voorsien, beskou word as finansiële dienste, soos beoog in Artikel 3 van die Regulering van die Finansiële Sektor⁷⁰ en dat dit daarom as 'n lisensieringsaktiwiteit onder die “CoFI”-wetsontwerp gesien moet word.⁷¹ Die IFWG meen ook dat die spesifieke gedragstandaarde wat van toepassing gemaak moet word op die verskaffing van sulke aktiwiteit ingesluit moet word as vereistes met betrekking tot bedryfsrisiko, ouditering, die skeiding van rolle en enige ander relevante vereistes.⁷²

Aanbeveling 30:

Die IFWG stel voor dat diensverskaffers van kripto-bates wat veilige bewaring en digitale beursie-dienste lewer (slegs toesighoudende beursies) moet voldoen aan die geldwassery en finansiering van terrorisme-vereistes en dat hulle aanspreeklike instellings moet word, soos bedoel in die voorgestelde wysiging van die Bylae 1 van die Wet op die Sentrum vir Finansiële Intelligensie.⁷³

4.4 Gevolgtrekking

⁶⁸ *Ibid.*

⁶⁹ *Ibid.*

⁷⁰ Wet 9 van 2017.

⁷¹ IFWG “Position Paper” (2020) 31.

⁷² *Ibid.*

⁷³ Wet 38 van 2001.

Die IFWG noem dat een van die redes waarom kripto-bates uitdagend is om te reguleer is omdat dit wêreldwyd funksioneer en moontlik onder verskillende ekonomiese funksies geklassifiseer kan word. As gevolg hiervan is dit die verantwoordelikheid van reguleerders en nasionale jurisdiksies.⁷⁴ Die gevaar van 'n gefragmenteerde internasionale regulatoriese benadering is egter volgens die IFWG dat die moontlikheid bestaan dat nasionale owerhede kripto-bates met verskillende mates van strengheid kan reguleer met die gevolg dat kripto-bate verwante aktiwiteite moontlik kan migreer na jurisdiksies wat minder streng gereguleer word aangesien die transaksies in enige plek kan plaasvind. 'n Gekoördineerde wêreldwye benadering tot regulering is volgens die IFWG dus noodsaaklik.⁷⁵ Die IFWG dui aan dat verder verseker moet word dat daar 'n koherente reguleringsbenadering op nasionale vlak is.

Kripto-bates is grensloos, en die anonimiteit daarvan verhoog die probleme om die regte regulerings- en moniteringsinstrumente te implementeer.⁷⁶ Volgens die IFWG is die doel om duidelike en konsekwente regulerende behandeling deur relevante regulerende owerhede te verseker, met inagneming van internasionale benaderings.⁷⁷

Spruyt dui aan dat indien daar 'n oorsig op 'n gedetailleerde vlak van die huidige reguleringsraamwerk wat Suid-Afrikaanse banke en finansiële instellings beïnvloed en affekteer is daar 53 parlamentswette, soos die Wet op die Regulering van die Finansiële Sektor, die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste 37 van 2002 en die Bankwet 94 van 1990, wat 'n spesifieke uitwerking op die finansiële sektor het. Daar is ook nog 149 parlamentswette, soos die Mededingingswet 89 van 1998, die Maatskappywet 71 van 2008, en die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 wat 'n uitwerking oor die algemeen op die sakesektor het. Dit beteken dus dat daar ongeveer 202 parlamentshandelinge kan wees wat kripto-bates en verwante aktiwiteite en die regulering daarvan kan beïnvloed.⁷⁸

⁷⁴ IFWG “Position Paper” (2020) 21.

⁷⁵ *Ibid.*

⁷⁶ IFWG “Position Paper” (2020) 22.

⁷⁷ *Ibid.*

⁷⁸ Spruyt (2017) *TSAR* 715-717.

Dit is daarom duidelik dat enige wetgewing wat in plek gestel word van so 'n aard moet wees dat die bygevoeging van nuwe wetgeing of integrering daarvan moet plaasvind sonder om waarneembare komplikasies tot gevolg te hê.

BIBLIOGRAFIE

A. PRIMÊRE BRONNE

1. Wetgewing

Finansiële Markteorsigwet 19 van 2012

Wet op Betalingsdienste 59 van 2009

Wet op Finansiële Instrumente en Handel 14 van 2006

Wet op Finansiële Intelligensiesentrum 38 van 2001

Wet op Finansiële Intelligensiesentrum 1 van 2017

Wet op die Nasionale Betaalstelsel 78 van 1998

Wet op Pensioenfondse 24 van 1956

Wet op die Regulering van die Finansiële Sektor 9 van 2017

Wetsontwerp op Gedrag van Finansiële Instellings 519 van 2020

Wysigingswet op die Finansiële Intelligensiesentrum 1 van 2007

2. Regulasies

Valutabeheerregulasie van 1961

3. Internasionale Wetgewing – Nederland

Sanksie Wet van 1977

Wet op Ekonomiese Misdrywe van 1950

4. Regspraak

Moss v Hancock 1899 (2) QB 111 (QBD) 116

B. SEKONDÊRE BRONNE

1. Boeke

Felmington
& Coleman (1995)

Felmington B & Coleman WO *Money and Finance in the Australian Economy* Irwin: Sydney (1995)

Fox (2008)

Fox D *Property Rights in Money* Oxford University Press: Oxford (2018)

Hahlo & Kahn (1960)

Hahlo HR & Kahn E *The Union of South Africa: The Development of Its Laws and Constitution* Juta: Cape Town (1960)

Loubser (1978)

Loubser MM *The Theft of Money in South Africa* The University of Stellenbosch (1978)

Mann (1992)

Mann FA *The Legal Aspects of Money* (5de uitgawe) Oxford University Press: Oxford (1992)

Miller (1986)

Miller DL *The Acquisition and Protection of Ownership* Juta: Cape Tow (1986)

Silberg, Schoeman
Badenhorst, Pienaar
& Mostert (2006) Silberg H, Schoeman J, Badenhorst PJ, Pienaar M,
Mostert H *Silberberg and Schoeman's The law of
Property* (5de uitgawe) LexisNexis: Durban (2006)

Van der Merwe (1989) Van der Merwe CG *Sakereg* (2de uitgawe)
Butterworths: Durban

2. Artikels

Ajello 2015 *BLR* Ajello NJ “Fitting a Square Peg in a Round Hole:
Bitcoin, Money Laundering, and the Fifth
Amendment Privilege Against Self-Incrimination”
2015 *Brooklyn Law Review* 435

Akindemowo 1998 Akindemowo O “The Fading Rustle, Chink and Jingle:
UNSW Law Journal Electronic Value and the Concept of Money” 1998
University of New South Wales Law Journal 466

Bunjaku, Gjorgieva-
Trajkovska & Miteva-
Kacarski 2017 *Journal* Bunjaku F, Gjorgieva-Trajkovska O & Miteva-
for Economics Kacarski E “Cryptocurrencies – Advantages and
Disadvantages” 2017 *Journal for Economics* 31

Huges & Middelbrook
2015 *YJR* Huges S & Middlebrook S “Advancing framework for
regulating cryptocurrency payments intermediaries”
2015 *Yale Journal on Regulation: Notice & Comment*
495

Joshi & Karkade 2015 Joshi MR & Karkade RA “Network security with
JCSMC cryptography” 2015 *International Journal of Computer
Science and Mobile Computing* 203

Leckow 2017 <i>YJR</i>	Leckow R “Virtual currencies: the regulatory challenges” 2017 <i>Yale Journal on Regulation: Notice & Comment</i> 132
Loubser & Swart 1999 <i>Stell LR</i>	Loubser MM & D Swart “Electronic Money in South African Law” 1999 <i>Stellenbosch Law Review</i> 354
Nathan 2014 <i>BTLJ</i>	Nathan C “Regulating Disruptive Innovation” 2014 <i>Berkeley Technology Law Journal</i> 175
Reddy & Lawack 2019 <i>SA Merc LJ</i>	Reddy E & Lawack V “An overview of the Regulatory developments in South Africa regarding the use of cryptocurrency” 2019 <i>South African Mercantile Law Journal</i>
Spruyt 2018 <i>TSAR</i>	Spruyt W “An assessment of the emergent functions of virtual currencies” 2018 <i>Tydskrif vir die Suid Afrikaanse Reg</i> 707
Spruyt 2020 <i>TSAR</i>	Spruyt W “A legal analysis of the duty on banks to comply with targeted financial sanctions” <i>Tydskrif vir die Suid Afrikaanse Reg</i> 1

3. Besprekingsdokumente, verslae, opstelle en ander dokumente

Mothokoa K Regulating crypto-currencies in South Africa: The need for an effective legal framework to mitigate the associated risks (2017) LLM proefskrif UP

Van Jaarsveld IL Aspects of money laundering in South African Law (2011) LLD proefskrif UNISA

4. Internasionale dokumente

FATF Report "Virtual Currencies: Key Definitions and Potential AML/CFT Risks 2014

5. Webtuistes

App In China "Cryptography Law of the People's Republic of China"

<<https://www.appinchina.co/government-documents/cryptography-law-of-the-peoples-republic-of-china/>>

(laaste besoek op 29 April 2020)

Bitcoin FT "Netherland's New Law on Cryptocurrency Service Providers: Clients Must Explain Why They Want To Buy Bitcoin"

<<https://bitcoinfo.com/netherlands-new-law-on-cryptocurrency-service-providers-clients-must-explain-why-they-want-to-buy-bitcoin/>>

(laaste besoek op 29 April 2020)

Bitcoin Magazine "Germany Sets Standard for Bitcoin Regulation"

<<https://bitcoinmagazine.com/articles/germany-sets-standard-for-bitcoin-regulation-1376915552>>

(laaste laaste besoek op 29 April 2020)

Bitcoin.com "South Korea Passes Bill to Regulate Cryptocurrency in Line With FATF Standards"

<<https://news.bitcoin.com/south-korea-bill-cryptocurrency/>>

(laaste besoek op 29 April 2020)

Bitcoin.com "France Approves New Cryptocurrency Measures to Fight Anonymous Transactions"

<<https://news.bitcoin.com/france-new-cryptocurrency-measures-fight-anonymous-transactions/>>

(laaste besoek op 7 Februarie 2021)

Bloomberg "China Bans Financial Companies From Bitcoin Transactions"

<<https://www.bloomberg.com/news/articles/2013-12-05/china-s-pboc-bans-financial-companies-from-bitcoin-transactions>>

(laaste besoek op 29 April 2020)

Bundesanstalt für Finanzdienstleistungsaufsicht "Merkblatt: Hinweise zum Tatbestand des Kryptoverwahrgeschäfts"

<https://www.bafin.de/SharedDocs/Veroeffentlichungen/DE/Merkblatt/mb_20030_2_kryptoverwahrgeschaeft.html>

(laaste besoek op 29 April 2020)

CNBC "China's virtual currency could be launched 'quite soon,' says fund manager"

<<https://www.cnbc.com/2019/11/20/chinas-virtual-currency-could-be-launched-quite-soon-says-fund-manager.html>>

(laaste besoek op 29 April 2020)

Cointelegraph "China Enacts Crypto Law in Run-Up to State Digital Currency Debut"

<<https://cointelegraph.com/news/china-enacts-crypto-law-in-run-up-to-state-digital-currency-debut>>

(laaste besoek op 29 April 2020)

Cointelegraph "China Passes First-Ever 'Crypto Law'"

<<https://cointelegraph.com/news/china-passes-first-ever-crypto-law-going-into-effect-january-2020>>

(laaste besoek op 29 April 2020)

Cointelegraph "Dutch Central Bank: Crypto Firms to Be Regulated as of January 2020"

<<https://cointelegraph.com/news/dutch-central-bank-crypto-firms-to-be-regulated-as-of-january-2020>>

(laaste besoek op 29 April 2020)

Crypto Pro "History of Cryptocurrency Exchange Hacks"

<<https://cryptopro.app/history-of-cryptocurrency-exchange-hacks/>>

(laaste besoek op 8 October 2020)

Deloitte "Blockchain Risk Management"

<<https://www2.deloitte.com/content/dam/Deloitte/us/Documents/financial-services/us-fsi-blockchain-risk-management.pdf>>

(laaste besoek op 21 September 2020)

Deutsche Bundesbank Ecosystem "Bitcoin is not a virtual currency" (2018),

<<https://www.bundesbank.de/en/tasks/topics/-bitcoin-is-not-a-virtual-currency--667600>>

(laaste besoek op 29 April 2020)

Earth.org "Are Cryptocurrencies Harming the Environment?"

<<https://earth.org/are-cryptocurrencies-harming-the-environment/>>

(laaste besoek op 7 Februarie 2021)

ERPS “Bitcoin Market, economics and regulation”

<[https://www.europarl.europa.eu/RegData/bibliotheque/briefing/2014/140793/LDM_BRI\(2014\)140793_REV1_EN.pdf](https://www.europarl.europa.eu/RegData/bibliotheque/briefing/2014/140793/LDM_BRI(2014)140793_REV1_EN.pdf)>

(laaste besoek op 29 April 2020)

European Central Bank “Annual Report 2015”

<<https://www.ecb.europa.eu/pub/pdf/annrep/ar2015en.pdf>>

(laaste besoek op 23 Januarie 2021)

European Commission “Anti-money laundering directive V (AMLD V) - transposition status”

<https://ec.europa.eu/info/publications/anti-money-laundering-directive-5-transposition-status_en>

(laaste besoek op 29 April 2020)

FATF “International Standards on Combating Money Laundering and the Financing Of Terrorism & Proliferation- The FATF Recommendations”

<<http://www.fatfgafi.org/media/fatf/documents/recommendations/pdfs/FATF%20Recommendations%202012.pdf>>

(laaste besoek op 24 Januarie 2021)

Global Crypto Press Association Press Newsroom “French Government Surprises Companies and Citizens With Proposal Of STRICT New Requirements For Crypto Traders...”

<<https://www.globalcryptopress.com/2020/12/french-government-surprises-companies.html>>

(laaste besoek op 29 April 2020)

Global Legal Insights "Blockchain & Cryptocurrency Regulation 2021 France"
<<https://www.globallegalinsights.com/practice-areas/blockchain-laws-and-regulations/france>>

(laaste besoek op 5 Februarie 2021)

Ico.li "French Regulator Publishes New Regulations For Crypto Firms"
<<https://www.ico.li/french-regulator-publishes-new-regulations-for-crypto-firms/>>

(laaste besoek op 29 April 2020)

IFWG "Intergovernmental Fintech Working Group – Innovation Hub"

<<https://vc4a.com/ifwg/>>

(laaste besoek op 7 February 2021)

Intepat "Blockchain-tegnologie en intellektuele eiendom"

<<https://www.intepat.com/af/blog/intellectual-property/blockchain-technology-and-intellectual-property/>>

(laaste besoek op 21 September 2020)

Intergovernmental FinTech Working Group "Position Paper on Crypto Assets"
2020

<https://www.ifwg.co.za/wp-content/uploads/IFWG_CAR_WG-Position_Paper_on_Crypto_Assets.pdf>

(laaste besoek op 19 April 2020)

Investopedia "Anti Money Laundering (AML)"

<<https://www.investopedia.com/terms/a/aml.asp>>

(laaste besoek op 23 Januarie 2021)

Investopedia "Should Cryptocurrency Exchanges Self-Regulate?"

<<https://www.investopedia.com/news/should-cryptocurrency-exchanges-selfregulate-themselves/>>

(laaste besoek op 8 October 2020)

Leaders League "Germany Recognizes Cryptocurrencies as financial instruments"

<<https://www.leadersleague.com/en/news/germany-recognizes-cryptocurrencies-as-financial-instruments>>

(laaste besoek op 29 April 2020)

Library of Congress Law "Cryptocurrency world survey"

<<https://www.loc.gov/law/help/cryptocurrency/cryptocurrency-world-survey.pdf>>

(laaste besoek op 29 April 2020)

Library Congress of Law "Regulation of Cryptocurrency: China"

<<https://www.loc.gov/law/help/cryptocurrency/china.php>>

(laaste besoek op 29 April 2020)

Library of Congress Law "Regulation of Cryptocurrency in Selected Jurisdictions"

<<https://www.loc.gov/law/help/cryptocurrency/index.php>>

(laaste besoek op 29 April 2020)

Library of Congress Law "Regulation of Cryptocurrency: Japan"

<<https://www.loc.gov/law/help/cryptocurrency/japan.php>>

(laaste besoek op 29 April 2020)

Model for Effective Regulation "Report of the SRO Consultative Committee of the International Organization of Securities Commissions"

<<https://www.iosco.org/library/pubdocs/pdf/IOSCOPD110.pdf>>

(laaste besoek op 8 October 2020)

National Treasury Policy Document “A Safer Financial Sector to Serve South Africa Better”

<<http://www.treasury.gov.za/twinpeaks/20131211%20-%20Item%202%20A%20safer%20financial%20sector%20to%20serve%20South%20Africa%20better.pdf>>

(laaste besoek op 23 Januarie 2021)

Reuters "Dutch central bank to regulate crypto firms from Jan. 10, orders them to register"

<<https://uk.reuters.com/article/uk-netherlands-cenbank-crypto-currency/dutch-central-bank-to-regulate-crypto-firms-from-jan-10-orders-them-to-register-idUKKCN1VO0SV>>

(laaste besoek op 29 April 2020)

South African Reserve Bank “Crypto Assets”

<<https://www.resbank.co.za/RegulationAndSupervision/FinancialSurveillanceAndExchangeControl/FAQs/Pages/VirtualCurrenciesCryptocurrencies.aspx>>

(laaste besoek op 8 October 2020)

South African Reserve Bank “Currency and Exchanges Documents”

<<https://www.resbank.co.za/en/home/publications/currency-and-exchanges-documents>>

(laaste besoek op 8 October 2020)

South African Reserve Bank “Financial Surveillance”

<<https://www.resbank.co.za/AboutUs/Departments/Pages/FinancialSurveillance.aspx>>

(laaste besoek op 7 Februarie 2021).

Suid Afrikaanse Reswre Bank “A new macroprudential policy framework for South Africa”

<<https://www.resbank.co.za/Lists/News%20and%20Publications/Attachments/7547/Macroprudential%20policy.pdf>>

(laaste besoek op 8 October 2020)

Suid Afrikaanse Reserve Bank “Consultation Paper for Policy Proposals for Crypto Assets”

<<https://www.resbank.co.za/Publications/Detail-Item-View/Pages/Publications.aspx?sarbweb=3b6aa07d-92ab-441f-b7bf-bb7dfb1bedb4&sarblast=21b5222e-7125-4e55-bb65-56fd3333371e&sarbitem=9037>>

(laaste besoek op 10 Februarie 2020)

Suid Afrikaanse Reswre Bank “Position Paper on Virtual Currencies”

<[https://www.resbank.co.za/RegulationAndSupervision/NationalPaymentSystem\(NPS\)/Legal/Pages/PositionPapers.aspx](https://www.resbank.co.za/RegulationAndSupervision/NationalPaymentSystem(NPS)/Legal/Pages/PositionPapers.aspx)>

(laaste besoek op 10 Februarie 2020)

Thenews.asia "Amendment to Special Reporting Act Passes – Cryptocurrency Now Fully Legal in South Korea"

<<https://thenews.asia/amendment-to-special-reporting-act-passes-cryptocurrency-trading-now-legal-in-south-korea/>>

(laaste besoek op 29 April 2020)

The Wall Street Journal "China Cracks Down on Bitcoin"

<<https://www.wsj.com/articles/china-cracks-down-on-bitcoin-1396361492?tesla=y>>

(laaste besoek op 29 April 2020)

University of Cambridge Judge Business School “Cambridge Bitcoin Electricity
Consumption Index”

<<https://www.cbeci.org/>>

(laaste besoek op 7 Februarie 2021)

Moontlike oplossings en aanbevelings:

5.1 Inleiding:

Kripto-bates het die potensiaal om wesenlike voordele aan die finansiële stelsel, markdeelnemers en verbruikers te bied. Leckow wys uit dat dit die potensiaal het om die doeltreffendheid van die finansiële stelsel te verhoog deur transaksies vinniger en goedkoper as ooit tevore te laat geskied.¹ Die risiko's wat kripto-bates inhou kan volgens Leckow nie geïgnoreer word nie en gevolglik moet dit gereguleer word.²

Daarom moet oorweging gegee word of kripto-bates gereguleer moet word deur nuwe wetgewing aan te neem en of dit gereguleer moet word op dieselfde manier as die produkte waarmee dit meeding. Kripto-bates kan as 'n betaalmetode funksioneer en daarom kan daar oorweging gegee word of die huidige reguleringsraamwerk wat van toepassing is op betaalmetodes ook op kripto-bates toegepas kan word en of nuwe 'n nuwe reguleringsraamwerk aangeneem moet word om kripto-bates te kan reguleer.

Hieronder word die aanbevelings oorweeg en bespreek met inagneming van die Besprekingsdokument oor kripto-bates soos deur die IFWG gepubliseer en die hoofstuk word afgesluit deur moontlike aanbevelings te maak om kripto-bates te reguleer en tot 'n gepaste gevolgtrekking te kom.

5.2 Algehele aanbevelings:

Volgens die eerste aanbeveling moet diensverskaffers van kripto-bates asook die dienste wat deur die diensverskaffers aangebied word en wat onderhewig is aan regulering gedefinieer word. Hierdie aanbeveling hou rekening met aanbeveling 15³

¹ Leckow (2017) 36 YJR 135.

² Leckow (2017) 36 YJR 136.

³ Aanbeveling 15 van die FATF bepaal dat lande en finansiële instellings moet geldwassery of finansiering van terroristefinansiering risiko's identifiseer en evalueer wat mag ontstaan met betrekking tot (a) die ontwikkeling van nuwe produkte en nuwe sakepraktyke insluitend nuwe

van die FATF wat 'n verpligting oplê teenoor die reguleerders en finansiële diensverskaffers om die geldwassery en terrorismefinansieringsrisiko's wat verband hou met nuwe Interregerings Finansiële Tegnologie Werkgroep innovasies te oorweeg en om die risiko's te mitigeer.

Daar word deur die IFWG se tweede aanbeveling gestel dat skedule 1 tot die Wet op die Sentrum vir Finansiële Intelligensie⁴ gewysig word deur diensverskaffers by die lys van verantwoordbare instellings te voeg.⁵ Daarom word van alle diensverskaffers verwag om as 'n verantwoordbare instelling by die Finansiële Intelligensiesentrum te registreer en sodra hulle geregistreer is sal al die tersaaklike bepalings van die Wet op die Sentrum vir Finansiële Intelligensie⁶ op die diensverskaffers van toepassing wees.⁷ Dit sal beteken dat diensverskaffers moet voldoen aan die wetlike vereistes wat op geldwassery en finansiering van terrorisme gerig is.⁸ Dit sluit in die uitvoering van kliënte-identifikasie en -verifiëring, die uitvoering van omsigtigheidsondersoek van kliënte (“*customer due diligence*”), rekordhouding, monitering vir verdagte en ongewone aktiwiteite op 'n aaneenlopende basis, verslagdoening aan die Finansiële Intelligensiesentrum oor enige verdagte en ongewone transaksies, rapportering van kontanttransaksies van R25 000.00 en hoër (of die toepaslike drempel op enige gegewe tydstep), en verslagdoening ten opsigte van eiendom wat moontlik aan terroriste-aktiwiteite of terreurorganisasies gekoppel kan word.⁹

Ander voorgestelde verpligtinge vir diensverskaffers sluit volgens die IFWG in die ontwikkeling, dokumentering, instandhouding en implementering van 'n risikobestuur-

afleweringsmeganismes, en (b) die gebruik van nuwe of ontwikkelende tegnologieë vir beide nuwe en bestaande produkte. In die geval van finansiële instellings moet so 'n risikobeoordeling plaasvind voordat die nuwe produkte, sakepraktyke of die gebruik van nuwe of ontwikkelende tegnologieë bekendgestel word. Toepaslike maatreëls moet getref word om die risiko's te bestuur en te verminder; FATF, “International Standards on Combating Money Laundering and the Financing Of Terrorism & Proliferation- The FATF Recommendations”, aanlyn beskikbaar aopt <http://www.fatf-gafi.org/media/fatf/documents/recommendations/pdfs/FATF%20Recommendations%202012.pdf> [laaste besoek op 24 Januarie 2021].

⁴ Wet 38 van 2001.

⁵ IFWG “Position Paper” (2020) 25.

⁶ Wet 38 van 2001.

⁷ IFWG “Position Paper” (2020) 25.

⁸ *Ibid.*

⁹ *Ibid.*

en nakomingsprogram (“*Risk Management and Compliance Program*”) en daarby die nakoming van die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum¹⁰ en die opleiding van werknemers met betrekking tot die nakoming van geldwassery en finansiering van terrorisme.¹¹

Entiteite wat aan die vereistes van die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum¹² onderworpe is moet volgens die IFWG die vermoë hê om tussen verskillende kategorieë van risiko te onderskei en om verbeterde klante-omsigtigheidsondersoeke uit te voer waar sake met klante as hoër risiko geag word en vereenvoudigde klante-omsigtigheid waar sake met klante as laer risiko geag word.¹³ Die IFWG meen voorts dat die resultaat van hierdie risikobepaling gekoppel moet word aan die maatreëls en beheermaatreëls wat deur die instelling geneem is om die mate van die risiko wat daargestel word aan te spreek.¹⁴

Die IFWG stel voor in aanbeveling 3 dat die Finansiële Intelligensiesentrum die toesighoudende rol moet aanneem sowel as die verpligting moet hê om te verseker dat die diensverskaffer-ondernemings wat verantwoordbare ondernemings word voldoen aan die vereistes van die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum.¹⁵ Die Finansiële Intelligensiesentrum kan administratiewe boetes oplê waar daar nie voldoen word aan die wet nie.¹⁶ Hierdie toesighoudende rol en verpligtinge kan volgens die IFWG op 'n later stadium hersien word om die toepaslike gesag te bepaal in ooreenstemming met aanbeveling 9.¹⁷ Daar word ook voorgestel dat nakoming deur sodanige sake-entiteite aan die verpligtinge kragtens die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum¹⁸ gemonitor sal word en remediërende aksies sal vereis word van diegene wat versuim om voldoen aan hierdie vereistes.¹⁹ In ernstige gevalle van nie-nakoming van hierdie vereistes of in gevalle waar remediërende aksies nie die gewenste uitwerking het om die nakoming

¹⁰ Wet 1 van 2017.

¹¹ IFWG “Position Paper” (2020) 25.

¹² Wet 1 van 2017.

¹³ IFWG “Position Paper” (2020) 25.

¹⁴ IFWG “Position Paper” (2020) 26.

¹⁵ Wet 1 van 2017.

¹⁶ IFWG “Position Paper” (2020) 26.

¹⁷ *Ibid.*

¹⁸ Wet 1 van 2017.

¹⁹ IFWG “Position Paper” (2020) 26.

van die toepaslike vereistes nie, kan daar volgens die IFWG strafregtelike sanksies ingestel word.²⁰

Die IFWG se vierde aanbeveling stel voor dat die regulerende werkgroep vir kriptobates moet voortgaan met die monitering van kriptobates en om die spesifieke fokus van 'n program vir die monitering van kriptobates te definieer, sowel as die volgende aspekte:²¹

(i) monitering van die algehele markkapitalisasie van kriptobates om die groei van die mark en die sistemiese belang daarvan op 'n deurlopende basis proaktief te beoordeel;

(ii) die monitering van die aantal kliëntebasisse van kriptobateverhandelingsplatforms wat in Suid-Afrika gedomisilieerd is, om 'n profiel van elke kriptobateverhandelingsplatform te vorm (dit kan uitgebrei word tot die funksies wat verrig word, die dienste wat aangebied word, die volume van kriptobates, die verskeidenheid kriptobates, versekering en die bestuursmeganisme);

(iii) monitering van die diensverskaffers van kriptobates en die aantal handelaars of kleinhandelaars wat kriptobates as betaling binne Suid-Afrika aanvaar, plaaslik en internasionaal;

(iv) die monitering van die hoeveelheid kriptobates wat via kriptobates OTM's verkoop en gekoop word; en

(v) monitering van die buitelandse vloei van kriptobate-transaksies.

5.3 Gevolgtrekking

Dit is duidelik dat 'n nie-regulerende benadering ten opsigte van kriptobates nie volhoubaar is nie. Alhoewel daar tans geen wetgewing is nie is verskillende reguleerders besig met die nodige ondersoek om kriptobates te reguleer.

Daar is baie werk wat Suid-Afrika in die gesig staar om meer te doen om te verseker dat die risiko's verbonde aan kriptobates verminder word. Reguleerders regoor die wêreld

²⁰ IFWG "Position Paper" (2020) 26.

²¹ *Ibid.*

staar dieselfde uitdagings in die gesig. Die Besprekingsdokument van die IFWG dryf Suid-Afrika tot 'n meer intervensionistiese benadering.

'n Goeie beginpunt om krypto-bates te reguleer kan gevind word deur te kyk na Hughes en Middlebrook se voorstelle deur regulering in plek te stel om voorsiening te maak vir die uitklaring van foute op drie gebiede, naamlik:²² waar die verkeerde bedrag aan die begunstigde oorbetal is; as die fondse nie op die vasgestelde datum aan die begunstigde beskikbaar gestel word nie en wanneer die betaling aan die verkeerde begunstigde betaal is.²³ Die tydperk waarin die fout gerapporteer moet word kan volgens die bedryfspraktyk aangepas word.

Suid-Afrika sal ook registrasievereistes aan alle krypto-bates diensverskaffers moet stel sowel as batehandelplatforms, diegene wat die koop en verkoop van krypto-bates behartig, diegene wat handel dryf en diensverskaffers wat *fiat*-geldeenheid ruil na krypto-bates en digitale beursieverskaffers.

'n Ander moontlike oplossing is die selfregulering van verhandelingsplatforms om te verhoed dat verbruikers nie slagoffers van bedrog en diefstal en ander vorms van misdaad is nie. Lande soos Japan, Suid-Korea en die Verenigde Koninkryk het reeds hulle eie eie selfregulerende gedragskode in plek en dit kan as 'n hulpmiddel in Suid Afrika gebruik word.

Hierdie skripsie het beskryf dat Suid Afrika die behoefte het aan die regulering van krypto-bates. Daar is immers verskeie uitdagings ten opsigte van regulering as gevolg van die tegnologie wat konstant ontwikkel. Daar is steeds die behoefte aan 'n effektiewe reguleringsraamwerk wat verbruikers beskerm. Dit plaas die onus op die regering en regulerende owerhede om aan innoverende prosesse te dink en te bewerkstellig. Daar is baie voordele aan krypto-bates verbonde, maar wetlike regulering is belangrik om voldoende beskerming aan verbruikers van krypto-bates te bied.

²² Hughes & Middlebrook (2015) *YJR* 546.

²³ *Ibid.*